# HOËRSKOOL ELDORAIGNE

# GEDRAGSKODE VIR LEERDERS
## HERSIEN SEPTEMBER 2025

# INHOUDSDOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 1. | TITEL VAN DIE BELEID | 3 |
| 2. | DATUM VAN INWERKINGTREDING | 3 |
| 3. | VOLGENDE DATUM VAN HERSIENING | 3 |
| 4. | HERSIENINGSGESKIEDENIS | 3 |
| 5. | INLEIDING | 3 |
| 6. | DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE | 3 |
| 7. | WOORDOMSKRYWING EN AKRONIEME | 4 |
| 8. | TOEPASSINGSBESTEK VAN DIE BELEID | 10 |
| 9. | WETSRAAMWERK | 10 |
| 10. | BELEIDE EN PROVINSUALE OMSENDSKRYWES | 11 |
| 11. | BELEIDSTELLINGS | 11 |
| 12 | HANDEL-EN-WANDELSISTEEM | 14 |
| 13. | DISSIPLINêRE PROSES | 32 |
| 14. | WANGEDRAG INGEVOLGE KENNISGEWING 6903 VAN 2000 SOOS GEWYSIG | 38 |
| 15. | SANKSIES EN ANDER WETLIKE AKSPEKTE | 42 |
| 16. | REHABILITASIE EN INTERVENSIEPROGRAMME VIR LEERDERS | 42 |
| 17. | PROSEDURE (HANDEL-EN-WANDEL) | 42 |
| 18. | APPéL | 45 |
| 19. | VERTEENWOORDIGENDE LEERLINGRAAD (VLR) | 45 |
| 20. | BEWARING EN BEKENSTELLING VAN DIE GEDRAGSKODE | 45 |
| 21. | ANDER BELEIDE WAT DEEL VORM VAN DIE GEDRAGSKODE | 45 |
| 22. | INTERPRETASIE | 45 |
| 23. | WYSIGINGS EN HERSIENINGS | 45 |
| 24. | VRYSTELLINGSKLOUSULE | 46 |
| 25. | KORT TITEL | 46 |
| 26. | GOEDKEURING | 46 |

**1. TITEL VAN DIE BELEID:**
GEDRAGSKODE VIR LEERDERS VAN HOËRSKOOL ELDORAIGNE

**2. DATUM VAN INWERKTREDING:**
SOOS DATUM VAN GOEDKEURING

**3. VOLGENDE DATUM VAN HERSIENING:**
AUGUSTUS 2026

**4. HERSIENINGSGESKIEDENIS:**

| Soos Gewysig Op: |
|---|
| Augustus 2021 |
| November 2022 |
| November 2023 |
| Junie 2024 |
| September 2025 |

**5. INLEIDING**

5.1 Die Hoërskool Eldoraigne is 'n openbare skool wat ingevolge artikel 12 saamgelees met artikel 52 van die SA Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) beheer word deur die Skoolbeheerliggaam ingevolge artikel 16 van die Skolewet. Die gedragskode vloei voort uit die visie en missiestelling van die skool en vorm die agtergrond waarteen die gedragskode en reëls vir leerders van die skool gesien en verstaan moet word.

5.2 Ingevolge artikel van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No 84 van1996) word bepaal dat die Beheerliggaam van die skool 'n gedragskode vir leerders moet saamstel en toepas en dat geen leerder vrygespreek is van enige bepalings van sodanige gedragskode nie. Om die gedragskode vir die skool daar te stel het die Skoolbeheerliggaam met die ouers, leerders en opvoeders van die skool betreffende die inhoud van die gedragskode gekonsulteer en is die gedragskode aanvaar vir implementering in die skool.

5.3 Vir die doeleindes van die gedragskode word daar 'n duidelike onderskeid tussen die konsepte "dissipline" en "sanksie" getref word.

- Dissipline gaan oor positiewe gedragsbeheer wat daarop gemik is om toepaslike gedrag te bevorder en selfdissipline en selfbeheer in leerders te ontwikkel.
- Sanksie is slegs een faset van dissipline, d.w.s. 'n korrektiewe maatreël wat aan 'n leerder wat oortree opgelê word, en die gevolge van sy/haar wangedrag moet dra om sodoende die ordelike samelewing van die skool te handhaaf.

5.4 Dissipline sorg vir regverdigheid en beskerming van leerders in 'n opvoedkundige omgewing. Dit het dit ten doel om by te dra tot die geestelike groei van elke leerder en hul voor te berei vir integrasie en ontwikkeling om 'n toekomstige beroep suksesvol te kan beoefen. Laastens, dissipline is primêr gerig om korrektief te wees en nie vergeldend nie.

5.5 Ouers en betrokkenes moet in gedagte hou dat norme en standaarde verander en gedragsreëls van tyd tot tyd hersien moet word en om die gedragskode en reëls op datum te hou. Enige veranderinge sal tydens saalbyeenkomste en deur nuusbriewe aan leerders en ouers deurgegee word, na goedkeuring deur die Beheerliggaam en so genotuleer word.

5.7 Ouers gee gesag aan 'n skool om dissipline toe te pas en 'n veilige geborge omgewing te skep wat die leer- en opvoedingsproses bevorder. Die skool het die ondersteuning van elke ouer nodig in hierdie verband – in die *Guidelines For The Consideration Of Governing Bodies In Adopting A Code Of Conduct For Learners* word dit duidelik gestel dat die ouers of voogde die uiteindelike verantwoordelikheid vir leerders se gedrag dra, en dat daar van hulle verwag word om die skool te ondersteun en van hulle kinders te verwag om alle skoolreëls en -regulasies te gehoorsaam.

**6. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE**

6.1 Die doel van die gedragskode vir leerders is om die aanvaarbare gedrag van leerders te bepaal om sodoende te verseker dat die integriteit en die veiligheid van elke leerder en alle persone van die skoolgemeenskap beskerm en bevorder word. Die gedragskode beoog om 'n kultuur van respek, verdraagsaamheid en versoening onder leerders, opvoeders en ouers en ander volwassenes in diens van die skool te bevorder.

In die gees van die voorafgaande word daar van elke leerder verwag om homself/haarself so te gedra dat die skool se goeie naam en eer te alle tye vooropgestel word in die daaglikse handel en wandel van leerders en sodoende ‘n gesonde selfbeeld ontwikkel word.

**6.2 Oogmerke van die gedragskode:**

6.2.1 Om te verseker dat geen leerder op ’n onwettige en onregverdige wyse behandel word nie, maar terselfdertyd dat al die regte van ander leerders en ander persone ook op die selfde wyse beskerm word.

6.2.2 Om ’n gesamentlike en samehorige kultuur van verdraagsaamheid onder leerders en opvoeders te bevorder.

6.2.3 Om te verseker dat administratiewe prosedures en dissiplinêre prosesse duidelik omskryf word en regverdige en billike prosedures gevolg word met die hantering van elke leerder, sodat elkeen die kans gegun om aangehoor te word, met die besef dat die prosesse/prosedures nie misbruik mag word om die dissiplinêre prosesse te omseil of misbruik mag word deur kwaadwillige en versteurende gedrag gedurende die prosedures nie.

6.2.4 Om riglyne daar te stel vir aanvaarbare standaarde van gedrag wat verwag word van alle leerders van die skool.

6.2.5 Om die regte en verantwoordelikhede van leerders asook die skool en opvoeders te omskryf.

6.2.6 Die gedragskode bepaal die gevolge van oortredings vir leerders. Oortredings wat as minder ernstig geklassifiseer is of wat nie formele dissiplinêre optrede vereis nie, kan deur ’n opvoeder aangespreek word sonder die toestemming van die Hoof en/of sy gedelegeerde. Informele dissiplinêre optrede word gewoonweg nie teen die leerder aangeteken nie, maar in sekere gevalle sal die ouers nogsteeds betrek word. Indien daar ’n herhaalde patroon van oortredings gevestig is, kan dit in die leerder se demeriete rekord aangeteken word.

6.2.7 Die kode bepaal dat elke leerder van die skool daaraan onderhewig is ingevolge artikel 8(4) van die SASW tensy die BL ’n uitsondering toelaat nadat ‘n aansoek vir afwyking van die gedragskode ontvang en goedgekeur is.

**7. WOORDOMSKRYWINGS EN AKRONIEME**

7.1 **Woordomskrywings**

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Alkoholiese drank/middel | Beteken:<br>a. enige onwettige middel wat ‘n psigologiese of fisiologiese uitwerking; of<br>b. enige middel wat sodanige effek het wat in onwettige besit is, en/of<br>c. enige onwettige bedwelmende of verdowende vloeistof of middel. |
| Aanranding/ Geweld | a. Beteken daadwerklike of dreigende optrede van enige persoon teenoor enige ander persoon of persone, wat enige vorm van besering, hetsy fisies en of psigies insluit. In gevalle van enige dreigement kan die dreigement mondelings, skriftelik, by wyse van gebaar en of elektronies oorgedra word.<br>b. Alle vorms van fisiese/verbale bakleiery en/of teistering/boelie/intimidasie/ kuberboelie/dreigemente/afpersing en ander soortgelyke optrede sal dus as aanranding beskou word.<br>c. Aanranding bestaan uit enige wederregtelike en opsetlike doen of late wat tot gevolg het dat iemand anders se liggaamlike integriteit direk of indirek aangetas word; of<br>d. Wat iemand anders laat glo dat so ’n aantasting van sy of haar liggaamlike integriteit onmiddellik sal plaasvind<br>e. Aanranding kan op twee verskillende maniere gepleeg word, te wete deur die uitoefening van geweld, of deur die dreigement van onmiddellike persoonlike geweld. Die uitoefening van geweld kan direk of indirek plaasvind. |
| Aanklaer | Sien Getuienisleier asook Dissipline Hoof/Ondersoeker. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Aanmelding/ Rapportering | ‘n Relevante aanmelding deur enige persoon aan die skool verbonde asook enige lid van die gemeenskap van ‘n beweerde oortreding van die gedragskode en/of enige reël of gedeelte daarvan of wangedrag van ‘n leerder soos omskryf in die gedragskode van die skool. |
| [Die] Beginsel van die Waarskynlikheidsteorie | Beteken dat die dissiplinêre komitee alle weergawes oorweeg van gebeure en aantygings moet oorweeg en dan moet besluit op die mees waarskynlike teorie onder die omstandighede of die persoon skuldig is/onskuldig is (50% + 1 is skuldig 50% - 1 is onskuldig). |
| Bedrog | ’n Onregmatige en opsetlike wanvoorstelling wat werklike of potensiële nadeel vir ’n ander veroorsaak; |
| Besit | a. Daadwerklike besit en/of in beheer van enige artikel, voorwerp en/of onwettige middel/dwelm/ substans.<br>b. Dit beteken ook die besit van enige beeld, klankopname, video, foto, prent en ander elektroniese skepping wat gestoor is of op die geheue/elektroniese rekords is van enige digitale/selfoon/elektroniese toestel.<br>c. Enige persoon wat in besit is van enige gevaarlike wapen/voorwerp onder enige omstandighede op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit wat die vermoede kan laat onstaan dat die persoon die intensie het of kan hê om die gevaarlike wapen/voorwerp vir enige onwettige/onregmatige daad aan te wend is in stryd met die gedragskode.<br>d. Enige voorwerp wat vermoedelik afgeneem is en/of gesteel is en/of geneem is en gebruik is sonder die wettige toestemming van die eienaar. |
| Boeliegedrag (sien ook skool se Anti-Boeliebeleid) | ‘n Persoon word geboelie of geviktimiseer wanneer sy/hy oor ‘n redelike tydperk blootgestel word aan negatiewe aksies deur een of meer ander persone<br>Boelie is geweld, fisies of psigies oor ‘n lang tydperk gepleeg deur ‘n individu of ‘n groep wat gerig is op ‘n enkeling wat hom/haar nie in ‘n situasie kan verdedig nie. Dit kan van aangesig-tot-aangesig, per skrif, handgebaar, deur derde persoon oorvertelling of elektronies geskied. |
| Brandstigting | Beteken die opsetlike en onwettige handeling om ander se eiendom/plantegroei/vaste eiendom aan die brand te steek deur enige voorwerp of enige vloeistof of materiaal te gebruik. |
| By die skool/ op die skoolterrein | Word gedefinieer waar ‘n leerder teenwoordig is in ‘n klaskamer, enige ander lokaal van die skool, op ‘n ander plek op die skoolgronde, op ‘n skoolvervoermiddel of ander voertuig, tydens enige skoolaktiwiteit of skool ondersteunde aktiwiteit, enige aktiwiteit wat nie op die skoolterrein plaasvind nie, in skooltyd en/of buite skooltyd in of uit skooluniform of enige tyd waar ‘n leerder as ‘n ingeskrewe leerder van die skool geïdentifiseer kan word selfs waar sodanige leerder se afbeelding op enige sosiale media platform verskyn of hy/sy geïdentifiseer kan word op ‘n sosiale media platform of enige negatiewe plasing op ‘n sosiale media platform gemaak het. |
| Diefstal | a. die onregmatige en opsetlike onwettige toe-eiening van ’n roerende eiendom;<br>b. insluitend inligting in elektroniese formaat, wat aan iemand anders behoort en in iemand anders se besit is;<br>c. eiendom in enige formaat wat aan iemand anders behoort en in die dader se eie besit is. |
| Selfoon/ elektroniese toestel | Beteken enige elektroniese mobiele toestel wat gebruik word om oproepe te maak of boodskappe te versend deur seine of inligting voorgestel deur syfers wat enige digitale beelde, videos, foto’s en klank kan opneem en versend. |
| Dispuutbeslegtingskomitee | Beteken 'n komitee wat deur die Beheerliggaam aangestel is om oor dispute rakende die vertolking van die gedragskode tussen leerders en opvoeders te besleg. |
| Dissiplinêre Komitee [van die BL] | Beteken 'n komitee wat deur die Beheerliggaam aangestel is om 'n aanklag van beweerde ernstige wangedrag, wat teen 'n leerder/leerders aanhangig gemaak is, te besleg en om te besluit oor ‘n sanksie wat aan sodanige leerder(s) opgelê kan word. |
| Dissipline Hoof/Ondersoeker/Getuienisleier | 'n Bevoegde persoon, met ‘n SARO-nommer wat skriftelik aangestel is deur die Hoof om 'n bewering of vermoede van ernstige wangedrag te ondersoek en wat ook as aanklaer/getuienisleier gedurende ‘n dissiplinêre verhoor mag optree en ‘n klagstaat vir die hou van ‘n dissiplinêre verhoor teen ‘n leerder mag opstel en |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | aan die leerder en sy/haar ouers mag oorhandig en die saak voordra en die skool tydens ‘n dissiplinêre verhoor verteenwoordig. |
| Distrikskantoor | Beteken die Distrikskantoor van die Department in die Onderwysdistrik waarin die skool geleë is. |
| Distriksdirekteur | Beteken die beampte van die Department van Basiese Onderwys verantwoordelik vir die administrasie van onderwys in die betrokke distrik waaronder Hoërskool Eldoraigne toegewys is. |
| Departement | Die Gauteng Department van Onderwys (GDO). |
| Dokumentasie/Dokumente/Bewyse | Dokumentasie/dokument sluit die volgende in:<br>a. notas of briewe van ouers;<br>b. mediese sertifikate van mediese praktisyns;<br>c. notas, briewe en verslae van ‘n leerder/opvoeder;<br>d. aantekening en tekeninge van die persoon wat die bewerings van ‘n klagte ondersoek of wat die klag indien;<br>e. enige ander vorm van inligting/bewyse of bewyse wat gebruik kan word om die klag te verifieer; en/of<br>f. enige ander inligting vervat oor die betrokke leerder(s), wat op enige lêer in geskrewe of elektroniese formaat voorkom by die skool. |
| Drag en Voorkoms | Beteken die bepaalde drag en voorkomsbeleid van die skool waaraan alle leerders moet voldoen tensy die BL ‘n uitsondering vir ‘n bepaalde leerder goedgekeur het. |
| Dwelm | Sien Onwettige Dwelmmiddel. |
| Elektroniese sigarette (e-sigarette) ook bekend as en insluitend “vapers” of “vapes” | Elektroniese sigarette en *vapes* word gedefinieër as toestelle om ‘n chemiese mengsel te verdamp en te lewer aan die longe van die gebruiker. Elektroniese sigarette en verwante produkte soos onder andere “vapes” en die gebruik daarvan is verbode by die skool of tydens enige skoolaktiwiteit. |
| Gedelegeerde van die Hoof | Gedelegeerde van die Hoof verwys na enige personeellid of amptenaar van die skool aan wie die Skoolhoof, ingevolge sy/haar gesag, spesifieke take of verantwoordelikhede wettiglik oorgedra het. Hierdie gedelegeerde tree namens die Hoof op binne die omvang van die opdrag wat aan hom/haar gegee is, en sy/haar besluite of optrede dra dieselfde gesag as sou dit deur die Hoof self uitgevoer gewees het. In die konteks van die gedragskode vir leerders het dit betrekking op die Adjunkhoof(de), Dissipline Hoof, GraadHoofde, of onderwysers. |
| Gedragskode | Beteken die dissiplinêre gedragskode en reëls van die skool |
| Getuienisleier | ‘n Opvoeder of persoon met ‘n SARO-nommer wat deur die Hoof aangewys is om in ‘n formele dissiplinêre verhoor die saak teen die aangeklaagde leerder(s) aan die dissiplinêre komitee voor te dra. Die persoon kan ook die vooraf ondersoek behartig en getuienis versamel en die klagstaat en kennisgewing vir die Hoof se handtekening saamstel. |
| Gevaarlike Voorwerp/ Wapen | Beteken<br>a. enige springstof of ontplofbare toestel;<br>b. enige vuurwapen of gaswapen;<br>c. enige artikel, voorwerp of instrument wat nie ‘n vuurwapen is nie, wat gebruik kan word om 'n persoon liggaamlike leed aan te doen of eiendom te beskadig, of om 'n persoon tydelik te verlam, doodmaak of bewusteloos te laat wat gebruik is om ‘n onwettige daad of daad wat in stryd is met die gedragskode te pleeg;<br>d. enige voorwerp wat die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant ingevolge die Skolewet tot gevaarlike voorwerp verklaar. |
| Graad | Beteken dié gedeelte van 'n onderwysprogram wat 'n leerder binne die bestek van een skooljaar kan voltooi of enige ander onderwysprogram wat die Lid van die Uitvoerende Raad mag ag gelykwaardig daaraan te wees. |
| Hoof van die Departement | Is die Hoof van die Gautengse Onderwys Departement. |
| Hookah/ Waterpyp | Hookahs is waterpype wat gebruik word om spesiaal vervaardigde tabak in verskillende geure, te rook. Al dink baie gebruikers dat dit minder skadelik is, |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | hou dit baie dieselfde gesondheidsrisiko's in as die rook van sigarette. Hookahs is verbode by die skool of tydens enige skoolaktiwiteit. |
| Inbraak/ kuberkraak | Beteken die onwettige/ongemagtige daad van betreding met die gebruik van geweld/krag om enige perseel te betree of toegang te verkry tot enige struktuur, voertuig, kas/yskas/houer of enige eiendom van enige persoon op die skoolterrein en in die proses skade te veroorsaak en/of eiendom onregmatig te verwyder. Dit sluit ook in om onregmatige toegang tot enige persoon se elektroniese inligting te verkry met enige rekenaar/digitale toestel en enige dreig/intimiderende boodskappe te stuur. (Sien ook kuberboelie). |
| Kinderporno-grafie (Sien ook Pornografie) | Enige beeld, ongeag hoe dit geskep is, of enige beskrywing of aanbieding van 'n persoon, werklik of nageboots, wat uitgebeeld of beskryf of aangebied word as onder die ouderdom van 18 jaar, van 'n eksplisiete seksuele aard, hetsy sodanige beeld of beskrywing of aanbieding bestem is om erotiese of estetiese gevoelens te stimuleer al dan nie, met inbegrip van enige sodanige beeld of beskrywing van sodanige persoon. |
| [Gedrags]Kode | Beteken die dissiplinêre gedragskode en reëls van die skool |
| Kuberruim-misdaad | Kuberruim-misdaad soos gedefinieer in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, Wet 25 van 2002. (RICA). |
| Leerder | Beteken enige persoon wat onderwys ontvang of wat verplig is om onderwys te ontvang ingevolge die Skolewet by die skool. |
| Lid van die Beheerliggaam | Beteken enige verkose/gekoöpteerde lid van die SBL/Komitee van die SBL van die skool. |
| Lid van die Uitvoerende Raad | Beteken Lid van die Uitvoerende Raad van Gauteng Provinsie verantwoordelik vir Onderwys. |
| Nalatige optrede/ Nalatigheid | Nalatige optrede verwys na enige handeling of versuim deur 'n leerder waar hy/sy nie die nodige sorg, verantwoordelikheid of voorsorg tref nie, en waar sodanige optrede redelikerwys verwag kan word om skade, gevaar of ontwrigting aan eiendom, persone of die skoolgemeenskap te veroorsaak. Dit sluit in, maar is nie beperk tot nie, die roekelose gebruik van skooltoerusting, die versuim om veiligheidsmaatreëls na te kom, en die aanbring van risiko's vir ander deur onverskillige gedrag. |
| Onderwys/Opvoeding | Onderriginstruksie of opleiding wat ingevolge die Wet aan leerders verskaf word |
| Onwettige Dwelmmiddel | Beteken<br>a. enige onwettige stof/substans wat 'n sielkundige of fisiologiese uitwerking het; of<br>b. enige stof/substans wat sodanige uitwerking het wat onwettig besit word.<br>c. enige dwelm soos gedefinieer in die Wet op Dwelms en Dwelmhandel, 1992 (Wet 140 van 1992), wat gebruik word of in besit is en teenstrydig is met artikel 4 van daardie Wet, die Skolewet en verwante wetgewing.<br>d. enige middel wat verbied word op die skoolterrein in gevolge die gedragskode en/of provinsiale en/of nasionale wetgewing of regulasies.<br>e. enige middel wat nie deur 'n persoon jonger as 'n sekere ouderdom gekoop en/of gebruik mag word nie. |
| Ontwrigtende Gedrag | Beteken enige leerder wat onredelik enige opvoedingsproses by die skool versteur; wat die goeie orde en die gesag van enige opvoeder/afrigter/ander persoon ondermyn om opvoeding/instruksie te gee aan ander leerders en/of enige wettige opdragte nie na te kom nie of blatant te ignoreer of terug te praat en/of onhoflik op te tree. |
| Ontwrigtende leerder | Beteken enige leerder wat ontwrigtende gedrag openbaar, pleeg of toon tydens enige opvoedkundige proses in die skool, enige skoolaktiwiteit, enige skool-ondersteunde aktiwiteit, of wat inmeng of poog om in te meng met enige opvoeder/afrigter/instrukteur wat gesag het oor die leerder of wat inmeng met 'n bestuurder van 'n voertuig wat leerders vervoer en/of enige persoon leed aandoen binne of buite skooltyd, op of weg van die skoolterrein af of waar die leerder as 'n leerder van die skool geïdentifiseer kan word. |
| Opvoeder | Beteken enige persoon, met uitsondering van 'n persoon wat aangestel is om uitsluitlik buite-kurrikulêre werksaamhede te verrig, wat ander persone onderrig, opvoed of oplei of wat professionele opvoedkundige dienste, met inbegrip van professionele terapie en opvoedkundige sielkundige dienste, by 'n skool lewer |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Ouer | Beteken -<br>a. die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n leerder;<br>b. die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder;<br>c. die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n persoon in paragrawe *(a)* en *(b)* ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom, soos omskryf in die Skolewet, 1996;<br>d. die ouer van 'n ingeskrewe leerder maar wat nog nie in die skool begin het om onderwys by die skool te ontvang nie. |
| Permanente Uitsetting/ Skorsing | Beteken die permanente verwydering van die leerder uit die skool. |
| Personeellid | Beteken 'n persoon wat by 'n skool in diens is. |
| Persoon | Beteken enige persoon, hetsy 'n natuurlike persoon of 'n juridiese persoon, met of sonder regspersoonlikheid . |
| Pornografie | a. Pornografie, in terme van die Gedragskode en Skedule 1 (h) van GK 6903 van 2000, soos gewysig, soms verkort tot "porn of porno", is in sy breedste omskrywing die eksplisiete voorstelling van die menslike liggaam of die daad van seks in enige vorm met die doel om die kyker seksueel te stimuleer of te prikkel en selfs te skok.<br>b. Pornografie kan in verskeie vorme voorkom en dit sluit onder meer tydskrifte, foto's, tekeninge, afbeeldings, animasie, skilderye, klankopnames, rolprente, video's, op geheuestokkies per epos, DVD's, CD's in en word algemeen ook op selfoontoepassings en op sosiale media platforms soos *WhatsApp*, *SnapChat*, *Telegram*, *Discord* en ander versprei aan en onder leerders.<br>c. Dit is onwettig om pornografie in enige formaat beskikbaar te stel, te toon of te versprei aan enige minderjarige op enige manier of deur enige toestel hetsy elektronies of andersins. |
| Rook | Beteken om in te asem/ in te teug/ uit te blaas/uit te asem, asem in te hou of kontrole te hê oor 'n aangesteekde/brandende tabakproduk/ "vaper"/vape/sigaret/plant/onkruid/kruiemengsel/ sintetiese dwelm/mengsel/"*herbal*" of om beheer te hê of uit te oefen oor sodanige voorafgenoemde aangesteekte/brandende produkte. Gerook en besig om te rook sal dieselfde betekenis hê. |
| Rowwe spel | Enige onregmatige, rowwe spel wat onveilig is of die goeie orde by die skool versteur. |
| Hoof/Skoolhoof | Beteken 'n opvoeder wat as Hoof van die skool aangestel is of waarneem. |
| Seksuele Teistering | Enige handeling met 'n seksuele konnotasie of ondertoon wat kan lei tot dissiplinêre optrede ingevolge die skool se gedragskode, strafregtelike vervolging of 'n deliktuele eis asook enige onregmatige handeling ingevolge waarvan 'n individu se reg op 'n veilige, nie-intimiderende werk-, speel- of leeromgewing aangetas word deur onder andere onwelkome seksuele toenadering; onvanpaste aanraking; onvanpaste taalgebruik; versoeke vir seksuele gunste waar die persoon wat die versoek rig in die posisie is om onder andere positiewe akademiese en ander prestasie-beoordelings te maak; vernederende, intimiderende en/of krenkende verbale en nie-verbale handelinge met ' eksplisiete of implisiete seksuele konnotasie of ondertoon wat 'n persoon se menswaardigheid op enige wyse aantas. |
| Sigaret | 'n Sigaret is 'n produk waarmee tabak wat in 'n dun papier toegerol is, (waarvan meeste sigarette met 'n filter toegerus is) gerook word deurdat die een kant met 'n vlammetjie aangesteek en dan gerook word. (Sien ook Rook). |
| Skoolbeheerliggaam | Beteken die beheerliggaam van die skool, soos beoog in artikel 16 (1) van die Skolewet, 1996 |
| [Die] Skool | Beteken Hoërskool Eldoraigne, 'n openbare skool soos be-oog in Hoofstuk 3 van die Skolewet, 1996, wat 'n openbare skool is wat leerders in een of meer grade inskryf. |
| Skoolaktiwiteit | Beteken enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale aktiwiteit van die skool op of buite die skool se perseel binne of buite skoolure. |
| Skooldae | Beteken weeksdae, uitgesluit Saterdae, Sondae, openbare vakansiedae en skoolvakansies. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Skooleiendom | Alle toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en ander masjinerie of apparaat wat die skool besit, huur of berg, wat ook alle LTSM insluit en ander toerusting soos dakwaaiers, gordyne ens. en/of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word. |
| Skoolperseel/skoolgrond | Die grond en geboue wat deur die skool beset word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue asook alle ander, wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word. |
| Skolewet [SASW] | Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig. |
| Skorsing/Geskors/Tydelike Skorsing | Beteken dat 'n leerder nie daarop geregtig mag wees om:<br>a. 'n klas by die skool by te woon nie;<br>b. gedurende die tydperk van skorsing, 'n amp te beklee of enige funksies of werksaamhede, soos beoog deur enige toepaslike wetgewing en wat met die bestuur van die skool verband hou, te verrig nie;<br>c. aan buite-kurrikulêre aktiwiteite en ander skoolaktiwitiete van die skool deel te neem nie;<br>d. of skool vir 'n tydperk van hoogstens 5 - 7 skooldae by te woon nie.<br><br>Dit beteken dat die Hoof 'n leerder tydelik kan skors vanaf die tydstip dat 'n klagte van ernstige wangedrag teen 'n leerder aanhangig gemaak is, totdat die uitslag van 'n billike verhoor deur die dissiplinêre komitee gefinaliseer is, indien dit volgens die mening van die Hoof, in oorleg met die DepartementsHoof/ Dissiplinêre Hoof/ Adjunkhoof/ Ondersoekbeampte, in belang van die leerder of opvoeders en die skoolgemeenskap geag word; onderhewig aan die voorwaarde dat die leerder in staat moet wees om, onder behoorlike toesig, met sy skoolwerk voort te kan gaan. |
| Tabak | Tabak verwys na produkte wat van gedroogde tabakblare vervaardig word, soos sigare en sigarette, snuif, pyptabak, pruimtabak en gegeurde *shisha*. |
| Teistering | Enige teistering/afknouery/boeliegedrag/intimidasie/ viktimisasie/afpersing/ongewenste aanraking/ ongewenste taalgebruik/aanranding/onwelvoeglike gebaar, insluitende maar nie uitgesluit of beperk tot enige elektroniese kommunikasie, wat betrekking het tot enige individu/groep se geslag, ras, geloof, afkoms, getroude status, enige ligaamlike karakter trek, seksuele oriëntasie of ligaamlike of taalgebrek. |
| Toesig | Beteken die bestuur en beheer van leerders op skool of tydens ‘n skoolaktiwiteit. |
| Uitsetting | Beteken die permanente beëindiging van 'n leerder se toelating as leerder tot die skool deur die DepartementsHoof. |
| Wangedrag | Beteken wangedrag wat deur 'n leerder gepleeg word, wat die volgende insluit, maar<br>nie daartoe beperk is nie:<br>a. wangedrag wat op die perseel van die skool gepleeg word, hetsy gedurende of na skoolure;<br>b. wangedrag wat gedurende enige skoolaktiwiteit gepleeg word ongeag of dit binne of buite die perseel van die skool is en of dit gedurende of na skoolure plaasvind;<br>c. enige wangedrag wat in of uit skooluniform, binne of buite die skoolperseel gepleeg word, wat:<br>i. geneig is om die skool 'n slegte naam te gee, die skool se reputasie te skaad of in diskrediet te bring of sy goeie eer aantas;<br>ii. met die beheer, gesag en behoorlike administrasie van die skool inmeng;<br>iii. met die voorwaardes wat vir enige skoolaktiwiteit nodig is, inmeng;<br>iv. onderhewig aan die redelike uitoefening van die reg om te vergader, te betoog en petisies op te stel, gepleeg word met die bedoeling om enige persoon daarvan te weerhou om sy of haar regte, magte of pligte as lid van die skoolgemeenskap uit te oefen, of wat gepleeg word as vergelding teen sodanige uitoefening; of<br>v. deur die leerdergedragskode van die skool verbied word. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Wapen/ Gevaarlike Voorwerp/ Replika | Beteken enige voorwerp waarmee skade, leed en of besering aan enige persoon aangerig kan word en sluit in gevaarlike wapens en ook vuurwapens wat verdink kan word of verwar kan word deur 'n persoon as 'n regte wapen/gevaarlike wapen onder enige omstandighede. |
| Wraak Pornografie | Die skep, verspreiding of dreigement om valse of regte pornografie of eksplisiete beelde te versprei sonder 'n persoon se toestemming / kennis, ook bekend as "nie-konsensuele pornografie" of "wraakporno", is 'n inbreuk op privaatheid en 'n skending van die reg tot waardigheid, en is nie vryheid van uitdrukking in verhouding tot die skoolgemeenskap nie. |

7.2 **Akronieme**

| Akroniem | Omskrywing |
|---|---|
| AJV | Die algemene jaarvergadering van ouers |
| DBO | Departement van Basiese Onderwys |
| DH | Hoof van die Departement |
| GDO | Gauteng Departement van Onderwys |
| GKT | Geslote kringtelevisie |
| LUR | Lid van die Uitvoerende Raad van Gauteng Provinsie verantwoordelik vir Onderwys |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisiediens |
| SARO (SACE) | Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders |
| SBL | Skoolbeheerliggaam |
| SPW | Strafproseswet 1977 (Wet 51/1977) |

## 8. TOEPASSINGSBESTEK VAN DIE BELEID

8.1 Die parameters en voorwaardes waarbinne die skool se gedragskode en -reëls van toepassing is op 'n leerder, sluit in:

8.1.1 Op enige plek op die skoolterrein waar die leerder hom-/haarself bevind.

8.1.2 Binne enige lokaal op die skoolterrein waar die leerder hom-/haarself bevind.

8.1.3 Enige skooltoer/uitstappie waar die leerder hom-/haarself bevind.

8.1.4 Enige skoolaktiwiteit op of weg van die skoolterrein waar die leerder hom-/haarself bevind.

8.1.5 By enige ander skool of openbare plek waar die leerder hom-/haarself bevind.

8.1.6 Die verteenwoordiging van die skool by enige aktiwiteit/optrede.

8.1.7 As die leerder as 'n leerder van die skool geïdentifiseer kan word of met die skool geassosieër kan word weens die feit dat sy/hy 'n ingeskrewe leerder van die skool is, in of uit skooluniform/ in ander skooldrag / gewone drag fisies en/of op sosiale media platforms van watter aard ook al.

8.1.8 Binne en buite skoolure.

8.1.9 Enige negatiewe aktiwiteite wat op enige sosiale platform mag plaasvind of geplaas word of versprei word wat die menswaardigheid van enige ander persoon of persone aantas en/of die skool se goeie naam en eer in gedrang bring, binne of buite skoolure.

8.1.10 'n Leerder mag vir vrystelling van 'n gedeelte / gedeeltes van die gedragskode vir welke rede aansoek doen deur die skool skriftelik in kennis te stel en die gepaardgaande aansoekproses te volg en goedkeuring by die Beheerliggaam te verkry.

## 9. WETSRAAMWERK

9.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
9.2 Die Wet op Skoolonderwys, 1995 (Gauteng) (Wet No 6 van 1995).
9.3 Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet Nr 84 van 1996) soos gewysig
9.4 Die Wysigingswet op Onderwyswette, 2007 (Wet Nr 31 van 2007)
9.5 Die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys, (Wet Nr 15 van 2011)
9.6 Government Notice 1140 of 19 September 2008 – Devices to be used and Procedure to be followed for Drug Testing.
9.7 Die Wet op die SA Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000).
9.8 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996).
9.9 Die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998).

9.10 Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 Van 2000
9.11 Die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (Staatskoerant 22754/2001: Kennisgewing 1040).
9.12 Nasionale Onderwysbeleidswet, 1996, (Wet 27 van 1996).
9.13 *Policy Framework for the Management of Drug Abuse by Pupils in Schools and Public Further Education and Training Instutitions* soos gepubliseer in die Staatskoerant van 13 Desember 2002 (Kennisgewing 3427).
9.14 Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977).
9.15 Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013, (Wet 4 van 2013)
9.16 Die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993 (Wet 83 van 1993), soos gewysig.
9.17 Die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005).
9.18 Die Wet op Kindergeregtigheid
9.19 Riglyne vir Oorweging van Beheerliggame in die Aanvaarding van ‘n Gedragskode vir Leerders.
9.20 Regulasies oor die Verbod op Ontgroeningspraktyke in Openbare Skole.
9.21 Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet 36 van 2005).
9.22 Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies 25 van 2002, soos gewysig.
9.23 Wet op Films en Publikasies, 1996 (Wet 65 van 1996), soos gewysig.
9.24 Wet op die Beskerming teen Teistering, 2011 (Wet 17 van 2011).
9.25 Die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007).

## 10. BELEIDE EN PROVINSIALE OMSENDSKRYWES

10.1 Die Grondwet van die Skool.
10.2 Die Veiligheidsbeleid van die skool.
10.3 SARO Gedragskode vir Opvoeders.
10.4 Riglyne en Omsendbriewe van die Gauteng Departement van Onderwys en die Nasionale Departement van Onderwys.
10.5 Die Sosiale Media Beleid van die Skool.
10.6 Die Gedragskode van die Skool vir Ouers.
10.7 Skool se Beleid oor MIV/VIGS, TB en Seksuele Oordraagbare Siektes
10.8 Skool se Beleid oor Leerderaanwesigheid.
10.9 DBO se Protokolle en Beleide oor Seksuele Mishandeling, Homofobiese Boelie en die Verbod op Lyfstraf en COVID-19.
10.10 DBO se Handves van Verantwoordelikhede van die Jeug van Suid-Afrika.
10.11 Skool se Seksuele Teisteringbeleid.

## 11. BELEIDSTELLINGS

Die gedragskode berus op die erkenning van verantwoordelikhede van leerders, ouers en personeel onderskeidelik. Dit berus ook op die erkenning van die wetlike gesag van opvoeders soos verleen deur die SASW soos gewysig en ’n verstandhouding dat die skool die leerders en ouers ingelig sal hou, en enige misdrywe konsekwent sal opvolg.

### 11.1 Die rol van die beheerliggaam in die toepassing van die gedragskode

11.1.1 Die BL stel die gedragskode op of hersien dit, in oorleg met personeel, ouers en leerders (SASA, Artikel 8), en keur die finale gedragskode goed en aanvaar dit as ’n amptelike beleidsdokument van die skool.

11.1.2 Die Beheerliggaam is daartoe verbind om, getrou aan die visie en missie van die skool, hul wetlik opgelegde bevoegdhede, ook dié wat op hierdie kode van toepassing is, in belang van die hele skoolgemeenskap, getrou en na die beste van hul vermoëns uit te oefen.

11.1.3 Die BL het sekere dissiplinêre bevoegdhede wat insluit:

- Hul handhaaf die reg om in ernstige gevalle dissiplinêre verhore te hou.
- Hul tree op wanneer die Skoolhoof of personeel ’n dissiplinêre saak na hulle verwys, veral in ernstige gevalle of waar daar geskille tussen die skool en betrokke ouers is.
- Verseker dat ouers en leerders die reg het om appèl aan te teken teen sekere besluite en waarborg dat die dissiplinêre proses regverdig, deursigtig en onpartydig verloop.
- Aansoeke tot afwyking van die gedragskode vir leerders word deur die BL hanteer.
- Neem finale besluite oor aanbevelings tot uitsettings, in oorleg met die Departement van Onderwys.

### 11.2 Die wetlike gesag en verantwoordelikhede van opvoeders

11.2.1 Die SASW verleen aan die skool die magte om dissipline in die skool te handhaaf soos in die kode en verwante beleide van die skool omskryf word asook ander optrede wat teen die goeie en morele waardes van die skool en sy gemeenskap indryf.

11.2.2 ‘n Opvoeder of amptelik-aangestelde persoon onder wie se toesig ‘n leerder is in die skool sal dieselfde regte as ‘n ouer hê om leerders te beheer en te dissiplineer (lyfstraf, ander ongeoorloofde gedrag, of optrede wat teen die SARO-kode en skoolwetgewing gaan uitgesluit) in die tydperk wat ‘n leerder by die skool is, in die naskool is, onder toesig is of by enige skoolaktiwiteite betrokke is binne of buite skoolure. In die reg staan hierdie as *in loco parentis* bekend.

11.2.3 *In loco parentis* beteken dat buiten dat opvoeders professionele persone is en dus beklee is met regsgesag as gevolg van hulle professionele status, staan hulle by die skool in die plek van die ouer. Dit beteken dat daar van opvoeders verwag word om dieselfde mate van sorg ten opsigte van die leerders te handhaaf as ’n sorgsame ouer by alle skoolverwante aksies. Dus:

11.2.3.1 Die skool [opvoeders] en BL is nie net verantwoordelik vir die psigiese en fisiese veiligheid van leerders nie, maar kan hulle ook aanspreeklik gehou word vir skade wat ‘n leerder ly as gevolg van nalatige optrede deur die skool [opvoeders] en/of BL.

11.2.3.2 Opvoeders mag nie hul plig van toesig oor leerders kan afskuif op ander leerders om mede-leerder te moniteer nie en dus sal opvoeders aanspreeklik wees vir enige skade gely as gevolg van hul pligversuim of as hul ‘n klas wederegtelik verlaat.

11.2.3.3 Die verantwoordelikhede van die skool se “ In Loco Parentis” verantwoordelikheid van opvoeders en personeel teenoor alle leerders verminder onmiddellik by die uitgang van die skoolterrein, tensy dit in die sorg van 'n amptelik aangestelde persoon namens die skool is. (Sport / kulturele en ander amptelike skoolgeleenthede, tensy 'n kwytskelding / vrywaring van die “in locus parentis” plig deur die ouer/voog onderteken is).

11.2.4 Opvoeders moet die gedragskode konsekwent, streng en regverdig toepas sonder versuim met die nodige erkenning en beskerming van die regte van leerders.

11.2.5 Die Hoof en/of sy gedelegeerdes mag deursoeking doen vir enige onwettige voorwerpe /middels ingevolge die nodige wetgewing van enige leerder sonder vooraf magtiging van enige ouers; asook enige leerders toets vir die gebruik van onwettige middels in terme van die betrokke regulasies. Ouers sal na die tyd binne 24-uur na die afloop van ‘n skooldag ingelig word oor die uitslag van die deursoeking of toetse vir onwettige middels.

11.2.6 Die skool mag die nodige sanksies toepas en dissiplinêre optrede instel ingevolge die kode en die betrokke wetgewing en regulasies.

11.2.7 'n Opvoeder het die reg en verantwoordelikheid om, in ooreenstemming met hierdie gedragskode, skoolreëls en verwante beleide en toepaslike wetgewing, sy/haar klaskamer te bestuur, leerders te dissiplineer en 'n leerder na die Skoolhoof of die aangewese persoon soos deur die Skoolhoof aangestel, te verwys om sodoende dissipline in die klaskamer te handhaaf.

### 11.3 Die verantwoordelikhede van ouers en/of voogde

Ouers en/of voogde bly primêr verantwoordelik vir die opvoeding en dissiplinering van die kind(ers) onder hul sorg. Hierdie gedragskode en die verantwoordelikhede van die skool verskuif nie hierdie plig na die skool nie, maar het eerder die oogmerk om die ouer te versterk en in vennootskap leerders op te voed, te onderrig en te dissiplineer.

11.3.1 Ouers/voogde is rolmodelle, nie net vir hul eie kinders nie, maar ook vir die publiek, personeel en ander leerders. As rolmodelle word verwag dat ouers hulle nie tuis, in die gemeenskap, op sosiale media of by die skool sal skuldig maak aan onaanvaarde gedrag en of negatiewe gedragspatrone nie. Net soos leerders en personeel aan ’n gedragskode gebind is, geld daar ook ’n gedragskode vir ouers, wat bedoel is om as ’n voorbeeld van respekvolle en verantwoordelike optrede te dien.

11.3.2 Ouers/voogde moet hulself weerhou van swak en/of beledigende taalgebruik, die uitspraak van dreigemente en watter vorm van teistering ookal, teenoor die publiek, onderwysers, staatsamptenare en/of beamptes, beoordelaars en skeidsregters.

11.3.3 Gevolglik word daar van ouers/voogde verwag om net soos die leerders en personeel netjies, goedgemanierd, beleefd, stiptelik, getrou, eerlik en lojaal te wees tydens binne- en/of buitemuurse aktiwiteite.

11.3.4 As volwassenes is die verwagting dat ouers selfgedissiplineerd sal wees en sal hou by reëlings en reëls soos byvoorbeeld dat geen alkohol tydens buitemuurse aktiwiteite gebruik sal word nie en ook dat die skool ‘n rookvrye omgewing is vir almal.

11.3.5 Ouers /(voogde) wat volhou met onaanvaarbare en onredelike gedrag moet aanvaar dat hulle selfs die terrein verbied sal word.

**11.4 Individuele regte, verantwoordelikhede en erekode van leerders**

**11.4.1 Individuele regte**

Ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika het elke ingeskrewe leerder van die skool die volgende regte en onderneem elke leerder om die regte en verantwoordelikhede te erken, te aanvaar, te eerbiedig en daarvolgens te handel en na te kom, maar is die leerder ook bewus daarvan dat sommige regte ingeperk kan word. Hierdie regte sluit in, die reg om:

11.4.1.1 Onderrig te ontvang in ‘n gestruktureerde akademiese omgewing.

11.4.1.2 Deur ander lede van die skool gerespekteer te word ongeag persoons- /godsdiens-/geslags-/genderidentiteit-/seksuele oriëntasie-/taal-/oortuigings- of kulturele verskille.

11.4.1.3 Gereelde terugvoering/verslae te ontvang aangaande sy/haar akademiese vordering.

11.4.1.4 Vryheid van spraak op ‘n volwasse en taktvolle wyse toe te pas sonder dat haatspraak, seksistiese en ander aanstootlike taal gebruik word wat inbraak maak op enige van die regte, soos in die Grondwet, van enige persoon.

11.4.1.5 Regverdig behandel te word.

11.4.1.6 Verseker te wees van veiligheid van persoon en besittings.

11.4.1.7 In ’n skoon, gesonde en rommelvrye omgewing te wees.

11.4.1.8 Die vrymoedigheid te kan hê om ter enige redelike tyd te vra om hulp, raad en voorligting.

11.4.1.9 Die skool by te woon sonder dwelms, wapens, afknouery, onder die invloed van enige onwettige middel, verontregting, intimidasie, seksuele teistering, boelie. Intimidasie, enige ander vorm van teistering en/of enige kriminele gedrag teenwoordig is.

11.4.1.10 Dit sluit ook ’n handhawing van ’n positiewe verhouding met die skool, mede-leerders, opvoeders en ouers. Elke leerder van die skool verbind hom/haar:

a. Begrip vir ander leerders te hê en verdraagsaam teenoor ander te wees.
b. Trots en lojaal te wees teenoor sy/haar ouers, skool, opvoeders en Skoolhoof.
c. Hoflik teenoor mede-leerders, opvoeders, ouers en medemens op te tree.
d. Die reëls, gedragskode en beleide van die skool te gehoorsaam en te eerbiedig.
e. Nie onwelvoeglike taal op die skoolterrein, in die klaskamer, of tydens enige skoolaktiwiteit of waar die leerder in skooluniform is te gebruik nie.
f. Geensins enige onwelvoeglike boeke, tydskrifte, video’s, prente, tekeninge, foto’s, geskrewe of verbale teks of enige ander voorwerp wat aan ander aanstoot sal gee op die skoolterrein te bring, aan enige ander leerder te verskaf, te versprei of te toon nie.
g. Getrou die skool by te woon.

h. Om die gebruik van dwelms, ander onwettige middels en tabakprodukte ten alle koste te vermy en nie betrokke te wees by aanranding, die dra van wapens, kriminele aktiwiteite, intimidasie, afknouery, seksuele teistering, kuberboelie, ongemagtigde gebruik van selfone en ander elektroniese apparate nie, verontregting, rook of die besit van pornografiese materiaal nie
i. Die korrekte skooldrag te dra en die voorkomsreëls van die skool na te kom
j. Te alle tye as ambassadeur van sy/haar skool op te tree en sodoende die korrekte beeld van die skool uit te dra.
k. Die gesag van die opvoeders wat oor hulle aangestel is te erken en alle redelike opdragte en versoeke van opvoeders, hulle ouers en die Skoolhoof te gehoorsaam en uit te voer.
l. Om die Verteenwoordigende Leerlingraad (VLR) te respekteer met dienverstande dat hulle nie die bevoegdheid of die reg het om ander leerders te straf nie, maar dat hulle die belange van mede-leerders in skoolverband moet bevorder en beskerm. Hulle moet ook mede-leerders aanmoedig om deurgaans welvoeglik en as ambassadeurs van Hoërskool Eldoraigne op te tree.

## 12. HANDEL-EN-WANDELSISTEEM

Die Handel-en-Wandelsisteem het dit ten doel om negatiewe gedrag regverdig binne die perke van die gedragskode aan te spreek en om positiewe gedrag te beloon. Die punte-toekenning vir krediete en debiete, en prosedures word onder punt 16-18 uiteengesit.

### 12.1.1 **Eerlikheidsbeleid**

Daar word van elke leerder van die skool verwag om aan die skool se eerlikheidsbeleid te voldoen Die skool se beleid bepaal dat elke leerder sy/haar eie werk sal aanbied in take, huiswerk, akademiese werk, assesseringsprojekte sodat hulle werk op ‘n eerlike grondslag beoordeel kan word. Kullery in enige vorm is tot nadeel van die skool en die leerder en sal aan die SAIC-komitee (Skoolassesserings-komitee) as ‘n onreëlmatigheid (“*irregularity*”) van die skool voorgelê word vir verdere ondersoek en optrede.

Eerlikheid is om:

a. Jou eie werk te doen en te voltooi en betyds in te handig.
b. Nie voor te gee dat jy iemand anders is nie.
c. Om enige verwysingsbronne van watter aard ookal te vermeld.
d. Om jou oë op jou eie werk te hou, nie ander te help om werk te kopieër nie.
e. Om nie ander se werk af te skryf en voor te gee dis jou eie onder enige omstandighede nie.
f. Nie van enige ongeoorloofde/ontoelaatbare hulpmiddel, notas van enige aard op enige oppervlak en enige elektroniese toestel gebruik te maak tydens enige toets, eksamen en ander assessering nie.
g. In enige dissiplinêre ondersoek/verhoor die waarheid te praat of in skriftelike verslae oor ‘n insident die waarheid neer te skryf.
h. Nie deel te neem aan ‘n aktiwiteit waar daar ongemagtigde samewerking is met ander leerders om akademiese voordeel te trek nie.
i. Nie voor te gee dat enige werk jou eie is wat jy nie gedoen het nie. Dit sluit in groepswerk wat verwag dat almal gedeelde bydraes moet lewer en die gebruik van hulpbronne. Hierby word ingesluit plagiaat van enige vorm.
j. Nie enige rekords onregmatig te verander of aan te pas nie.
k. Nie ander om te koop, leuens te vertel of op enige wyse te kommunikeer of inligting te deel of te kommunikeer nie ten einde akademiese voordeel te verkry.
l. Om nie kunsmatige intelligensie (AI) op ’n wyse te gebruik wat oneerlikheid of plagiaat bevorder nie; enige gebruik van AI moet verantwoordelik wees, duidelik erken word, en mag nie as jou eie oorspronklike werk aangebied word sonder behoorlike verwysing nie.

### 12.2 **Deelname aan die skoolprogram / -aktiwiteite**

'n Leerder neem deel aan die opvoedkundige kurrikulum soos voorgeskryf deur die Gautengse onderwysdepartement (GDO), tensy vrystelling verleen is. Die buitekurrikulêre program ondersteun die opvoedkundige onderrigprogram om leerders ekstra geleenthede vir groei en ontwikkeling te bied.  Leerders wat enige skoolaktiwiteit bywoon sal hulle onderwerp aan en gehoorsaamheid openbaar teenoor enige opdragte en aanwysings aan hulle gegee voor, tydens en na afloop van die betrokke aktiwiteit deur die Hoof, Adjunkhoof, kultuur- en/of sporthoof of enige opvoeder en of afrigter.

12.2.1 Die skool se amptelike kultuur- en sportbeleid word beskou as 'n byvoegsel tot hierdie gedragskode en reëls.

12.2.2 Alle reëls rakende leerdergedrag en leerderdissipline is ook van betrekking tot alle skoolaktiwiteite hetsy op of vanaf die skoolterrein in amptelike of nie-amptelike hoedanigheid in skooluniform, sportdrag en/of ander drag. Leerders wat gekies word om die skool te verteenwoordig as deelnemers in enige sportaktiwiteite of namens hulle interne spanne, moet geklee wees in die amptelike sportdrag en binne die riglyne van die voorkomsreëls, tydens en na deelname in sodanige aktiwiteit.

12.2.3 Wanneer 'n leerder by 'n buitekurrikulêre skoolaktiwiteit aangesluit het, moet hy/sy, sy/haar verpligtinge en verantwoordelikhede in die verband nakom.

12.2.4 Daar word van alle leerders wat deelneem aan buitekurrikulêre aktiwiteite verwag om met lojaliteit teenoor die skool en mede-deelnemers deel te neem. In besonder word van deelnemers verwag om betyds en stiptelik aan te meld by die plek waar die aktiwiteit plaasvind of vanwaar die deelnemers vertrek na die betrokke plek van deelname. Afwesigheid van 'n aktiwiteit waarvoor 'n leerder gekies is om die skool te verteenwoordig sal slegs gekondoneer word indien 'n skriftelike verskoning aan die kultuur- en/of sporthoof oorhandig word nie later nie as drie dae na afhandeling van die betrokke aktiwiteit.

12.2.5 Dit word van deelnemers aan die skool se aktiwiteite verwag om te alle tye hoflik op te tree teenoor en om te voldoen aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van die kultuur- en/of sporthoof en die opvoeder/afrigter/skeidsregter/beoordelaar/ spankaptein betrokke by die spesifieke sport-/kultuuraktiwiteit.

12.2.6 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon sal, benewens die verpligting om die bepalings van hierdie gedragskode na te kom, hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike, onsedelike en immorele gedrag. In die besonder mag leerders nie negatief reageer op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters nie.

12.2.7 Deelname aan enige skoolaktiwiteit is 'n voorreg en is nie ’n grondwetlike reg nie, en enige leerder wat die gedragskode, skoolreëls of enige ander verwante beleid oortree, kan verbied word om deel te neem aan enige aktiwiteit en enige toekenning en/of erekleure wat verwerf word, kan verbeur word of enige leiersposisie in die skool herroep word. Dit geld vir deelnemers en toeskouers.

12.2.8 Leerders sal onderworpe wees aan dissiplinêre aksies en sanksies vir wangedrag of vir onvanpaste, onwettige of onsportiewe gedrag tydens hierdie aktiwiteite of gebeure.

12.3 **Gedrag van Leerders Buite die Skoolterrein**

12.3.1 Geen leerder van die skool mag die skool in diskrediet bring deur enige onbehoorlike gedrag in enige openbare plek of by enige ander skool of tydens enige skoolaktiwiteit op of vanaf die skoolterrein of op pad na welke aktiwiteit hetsy in of buite skooldrag nie.

12.3.2 Leerders wat van busse / vervoer gebruik, moet optree volgens die instruksies van die bestuurder of die persoon wat amptelik in beheer is van die voertuig.

12.4 **Klaskamerreëls**

Buiten die skoolreëls wat nodig is om ’n ordelike omgewing by die skool te skep, het elke opvoeder het ook bepaalde reëls wat geld vir sy/haar klaskamer wat daar gestel is vir die veiligheid van leerders en om ‘n positiewe leeromgewing te bewerkstellig wat aanvullend tot die gedragskode is.

12.5 **Voorkoms, skooldrag, sportdrag en siviele drag**

a. Leerders van die Hoërskool Eldoraigne is beelddraers van ‘n goed geordende gemeenskap. Daar kan met soveel trots gekyk word na ‘n leerder wat korrek en netjies ons skooluniform dra. Daar word verwag dat leerders die voorskrifte noukeurig sal nakom op die skoolterrein en in enige openbare plek.
b. ‘n Leerder se voorkoms moet ook tydens alle eksamens volgens die gedragskode wees. Indien ‘n leerder se voorkoms nie korrek is nie, sal hul toegang tot die eksamenlokaal geweier word.
c. Leerders wat toeskouers/ondersteuners by skoolgeleenthede is, moet in hul skooldrag geklee wees.

12.5.1 **Algemeen:**

a) Kleurbaadjies: Effekleurige olimpiese groen (seuns en dogters) soos deur leweransiers verskaf.
b) Windjekkers ("Drimacs") (slegs wanneer dit reën) Effekleurige olimpiese groen (seuns en dogters) soos deur die leweransiers verskaf.
c) Serpe: Opsioneel by wintersdrag - slegs groen serpe soos deur die leweransiers verskaf. Dit mag nie saam somersdrag gedra word nie.
d) Geen skooldrag mag volgens modegiere verstel word nie.
e) Hemde mag nie by rompe of broeke uithang nie.
f) Leerders mag nie somersdrag en wintersdrag meng nie.
g) Seuns se kouse moet te alle tye netjies opgetrek wees indien hulle kortbroeke dra.
h) Die skooldrag- en dragreëls geld te alle tye as leerders skooldrag of siviele drag dra.
i) Dae wanneer siviele drag gedra word, dus nie skooldrag nie, is alle skoolreëls steeds van toepassing.
j) Geregistreerde skooldrag/sportdrag mag onder geen omstandighede aan enige persoon wat nie aan die skool verbonde is, verkoop of geskenk word nie.

12.5.2 **Formele skooluniformvoorskrifte vir leerders:**

<table>
<tr><th>DOGTERS</th><th>SOMER</th><th>WINTER</th></tr>
<tr><td>Rompe</td><td colspan="2">Donkergroen soos deur leweransiers verskaf.<br>Rompe mag nie korter as 10cm van die grond wees wanneer hulle op hulle knieë staan nie en mag nie onder die knieë wees nie. Daar mag nie synate wees om die romp nouer te verstel nie. Die kleurbaadjie mag nie so lank of langer as die romp wees nie.</td></tr>
<tr><td>Langbroek</td><td colspan="2">Donkergroen soos deur leweransiers verskaf. Verkieslik slegs in die winter.<br>Broeke moet netjies pas. Broekspype mag nie volgens modegiere verstel word nie.</td></tr>
<tr><td>Hemp</td><td>Liggroen polikatoen kortmou-hemp met 'n oopslaankraag of 'n dashemp met 'n das.<br>Gr. 12: Wit hemp<br>Vleeskleurige onderklere of 'n wit hempie moet onder die wit hemp gedra word.</td><td>Liggroen polikatoen langmouhemp met 'n toeknoopboordjie en das.<br>Gr. 12: Wit langmouhemp.</td></tr>
<tr><td>Kouse</td><td>Kort groen sokkies soos deur leweransiers verskaf. Die sokkies word slegs een maal omgevou.</td><td>Swart lang kouse soos deur leweransiers verskaf. By die langbroeke moet groen sokkies gedra word.</td></tr>
<tr><td>Skoene</td><td colspan="2">Swart toeryg- of bandjie skoolskoene. Geen opgeboude sole nie. Skoolskoene moet te alle tye vasgemaak wees.</td></tr>
<tr><td>Trui</td><td colspan="2">Moulose skooltrui soos deur leweransiers verskaf.<br>Langmou-skooltrui mag saam met somersdrag gedra word. Moue mag nie opgestoot of opgerol word nie. Geen gate mag vir duime gemaak word nie. Moue mag nie uitgerafel word nie.</td></tr>
<tr><td>Das</td><td colspan="2">Voorgeskrewe skooldas saam met baadjie in winter of met 'n dashemp in die somer. Die hemp moet kan toeknoop bo sodat die das netjies vertoon. Die das mag nie gedeeltelik losgemaak word nie – ook nie buite skoolure terwyl die leerder in skooldrag geklee is nie.</td></tr>
<tr><td>Haarversierings</td><td colspan="2">Haarbenodigdhede moet funksioneel wees in die kleure donkergroen, bruin, wit, swart of deurskynend.<br>Haarbenodigdhede moet die skooldrag komplimenteer en moet nie oordadig wees nie.<br>• Scrunchies mag gedra word soos in die bogenoemde kleure.<br>• Geen blink bykomstighede (bv. pêrels of diamanté) mag op haarbande of kopbande verskyn nie. Leerders mag wel 'n eenvoudige haarknippie dra (in die kleure soos hierbo uiteengesit).<br>• Haarbande mag nie meer as 5cm wees nie.<br>• Linte in die bogenoemde kleure word toegelaat.</td></tr>
</table>

| *SEUNS* | SOMER | WINTER |
|---|---|---|
| **Hemp** | Liggroen polikatoen kortmou-hemp met ‘n oopslaankraag of ‘n dashemp met ‘n das.<br>Gr 12: Wit hemp. | Liggroen polikatoen langmouhemp met ‘n toeknoopboordjie en das.<br>Gr 12: Wit hemp. |
| **Broek** | Gladde grys poliëster/viskosebroek (langbroek, met swart of grys gordel met standaard gespe). Broek moet netjies pas. Grys kort-broeke moet verkieslik in die somer gedra word.<br>‘n Gordel is verpligtend by langbroeke.<br>Broeke moet netjies pas. Broekspype mag nie volgens modegiere verstel word nie. | |
| **Skoene** | Swart toeryg skoolskoene sonder gekleurde insetsels, geen skerppuntskoene nie. Geen opgeboude sole (mits daar mediese rede verskaf word) nie. Skoolskoene moet te alle tye vasgemaak wees. | |
| **Trui** | Soos by dogters. | |
| **Das** | Voorgeskrewe skooldas saam met baadjie in winter of met ‘n dashemp in die somer. Die hemp moet kan toeknoop bo sodat die das netjies vertoon.<br>Die das mag nie gedeeltelik losgemaak word nie – ook nie buite skoolure terwyl die leerder in skooldrag geklee is nie. | |
| **Kouse** | Voorgeskrewe grys skoolkouse met strepe. | |

12.5.2.1 **Verdere voorskrifte ten opsigte van drag en skooldrag:**

a) Wanneer die kleurbaadjie saam met ‘n kortmou oopslaankraaghemp gedra word, moet die hemp se kraag bo-oor die baadjie s’n gevou wees.
b) Wanneer ‘n leerder om watter rede ook al die skool tydens skoolure besoek (byvoorbeeld tydens studieverlof vir Gr 12’s) moet die korrekte skooldrag gedra word tensy anders gekommunikeer.
c) Geen siviele kledingstukke bv. T-hemde wat onder skooldrag gedra word mag sigbaar wees nie.
d) Tatoeëermerke en/of ander liggaamlike versiering mag nie sigbaar wees nie. Dit word spesifiek verbied volgens departementele eksamenriglyne en geen leerder met sigbare tatoeëermerke en/of liggaamlike versiering sal toegelaat word om ‘n assessering af te lê alvorens dit nie bedek word deur die dra van die toepaslike skooldrag wat dit verseker nie
e) **VLR:** Spesifieke VLR-das word gebruik. Jy mag slegs ‘n VLR-das dra in die jaar wat jy op die VLR dien. Voorstel vir sanksie: Indien ‘n leerder sodanige das dra, sal dit gekonfiskeer word en aan die einde van die jaar aan die leerder terugbesorg word.
f) **Graad 12 VLR:** Seremoniële drag soos voorgeskryf
   i. SEUNS: Slegs beige kouse mag gedra word met geen patrone / prentjies nie.
   ii. DOGTERS: LR dogters word herinner dat hul ‘n ekstra pakkie matte *blackmail* sykouse moet saambring indien hul sykouse leer. Geen uitstapdrag word by geleerde kouse gedra nie.

12.5.2.2 **Sweetpakke en Vrydagdrag:**

a) Sweetpakke word gebruik vir:
   i. Buitemuurse aktiwiteite.
   ii. LO-prakties wanneer vooraf gereël deur opvoeder.
b) Dis opsioneel vir alle leerders op Vrydae of soos aangekondig, maar mag nie tydens eksamens gedra word nie. Geen denim mag saam met die Vrydaghemp gedra word nie.
c) Dit moet gedra word met hardloopskoene of tekkies met wit sportkouse of Eldo-kouse. ’n Tekkie is ’n skoen nie hoër as die enkel, wat vir sportdoeleindes gedra word.
d) Dit mag nie gedra word met plakkies, “pumps”, “flip flops”, “crocs”, inglipskoene of enige ander skoene as beskryf hierbo nie.
e) Geen juwele mag gedra word met sweetpakke nie.
f) Geen “hoodies” buiten die goedgekeurde skool “hoodie” soos wanneer beskikbaar mag saam met Vrydagdrag gedra word nie.

g) Sweetpakbaadjies en ander sportbaadjies mag nie saam met skooldrag gedra word nie.
h) Vrydagdrag mag nie tydens eksamens gedra word nie, tensy vooraf gekommunikeer deur die skoolbestuur.

12.5.2.3 **Sportdrag en Kultuurdrag**
**Sien sport- en kultuurbeleide.**

12.5.2.4 **Siviele drag (*Civvies*)**

Die volgende is riglyne vir "*Civvies* Dae" rakende wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is. Die skool-en graadbestuur mag 'n leerder aanspreek wat nie gepas aangetrek is nie.

a) Die Skoolhoof mag volgens sy uitsluitlike diskresie toestemming verleen dat leerders gewone klere kan aantrek gedurende amptelike skoolure en tydens ander skoolaktiwiteite.
b) Die drag mag nie inmeng met die opvoedingsproses of die regte v
c) an ander aantas nie, die gesag van opvoeders ondermyn of die veiligheid van ander benadeel nie.
d) Geen kledingstukke of Hoofbedekkings (pette, musse, hoede, bandanas, serpe, ens) met onsmaaklike of onwelvoeglike boodskappe, slagspreuke, prente, foto's, tekening en/of logo's wat aanstoot gee mag gedra word nie.
e) Geen kledingstukke wat enige verbode middels, tabak-of tabakprodukte, alkoholiese dranke of produkte adverteer mag gedra word nie.
f) Drag wat die leerder se gesondheid en veiligheid mag benadeel mag nie gedra word nie.
g) Die volgende kleredrag en voorkoms is onaanvaarbaar by ENIGE SKOOLAANGELEENTHEID:
    i. Kaal middellywe.
    ii. Lae-hals bloese.
    iii. Onvanpaste onderklere.
    iv. Sjoe-broekie ('*Hot pants'*)
    v. Deursigtige klere of die advertering van verbode middels op klere en juweliersware, grimering en ander bykomstighede.
    vi. Onderklere wat as bo-klere gedra word.
    vii. Onderklere wat uitsteek.
    viii. Geen kledingstukke waar die boude uitsteek is toelaatbaar nie.
    ix. Onwelvoeglike of onaanvaarbare slagspreuke wat op klere gedruk of aangebring is wat strydig is met die waardes van Hoërskool Eldoraigne.
    x. Enige kledingstukke wat onwelvoeglikhede, simbole, tabak, dwelsm en alkohol of dubbele bedoeling uitbeeld.
    xi. *Spandex* of elastiese materiale wat styf pas.
    xii. Gesplete rompe.
    xiii. Kledingstukke wat geskeur is, gate in het of uitrafel.
    xiv. Kledingstukke sonder skouerbande vir dogters.
    xv. Atletiekbroekies is bedoel vir sportdrag en nie vir gewone kleredrag nie.
    xvi. Eldo-hemde en –broeke mag nie met siviele drag gemeng word of saam aangetrek word nie.
    xvii. Kamme, sonbrille, pette ens mag nie binnenshuis gedra word nie.
    xviii. Pantoffels en skoene met hoë hakke, heelies (skoene met wieletjies) is verbode.

h) Algemene riglyne vir gewone kleredrag:
    i. Broeke wat te laag gedra word, word as vulgêr beskou en sal as 'n oortreding gesien word.
    ii. Geen leerder mag enige oorringe of "*studs*" of oorkrabbertjies of enige ander metaal of plastiek voorwerpe in enige liggaamsdele of hulle tonge of lippe dra nie. Geen "*studs*" of "*sleepers*" mag gedra word in enige liggaamsdeel nie. Slegs een oorring, *stud* of krabbertjie sal per geleentheid in elke oor wees vir dogters. Geen seuns mag oorringe, *studs* of krabbertjies dra saam met gewone kleredrag nie.
    iii. Geen seun of dogter mag ringe (seëlring is toelaatbaar vir dogters), armbandjies, kettings of hangertjies dra nie tensy laasgenoemde vir mediese redes is of deur die Skoolhoof goedgekeur is.

iv. Geen bykomstighede mag om die arms gedra word nie behalwe goedgekeurde mediese bandjies met die nodige ondersteunende kommunikasie vanaf ‘n mediese dokter.
v. Geen naellak of grimering en/of juweliersware sal gedra word sonder voorafgoedkeuring deur die Hoof nie.
vi. Geen kledingstukke, logo’s, prente, foto’s, merke en ander items of bykomstighede wat betrekking het op enige bende en/of bende-aktiwiteite, van ‘n vulgere of seksuele aard of met krutaal mag gedra word nie.
vii. Ekstreme drag moet ten alle koste vermy word. Die skool- en graadbestuur sal bepaal wanneer drag ekstreem is.

12.5.2.5 **Dispute en Sanksies oor dra van siviele drag**

a) Indien ‘n dispuut tussen die skool en/of leerders en/of die ouers van leerders ontstaan of gewone kleredrag onaanvaarbaar is of nie, sal die Skoolhoof en/of sy gemagtigde sy/haar diskresie gebruik om ‘n finale, bindende besluit oor die aangeleentheid te maak.
b) Sien Bylaag H: Dissiplinêre prosedures

12.5.2.6 **Juwele en ander bykomstighede**

a) Leerders mag geen bykomstighede aan die arms of nek dra nie. Behalwe in geval van ‘n erkende mediese toestand.
b) Slegs seëlringe vir dogters word toegelaat. Seëlringe sonder ŉ steen, aan ringvinger. Geen seun mag ‘n ring van enige aard dra nie. Sanksie: Dit word gekonfiskeer en veilig bewaar tot die einde van die kwartaal, waarna die leerder dit by hul Graadhoof kan afhaal.
c) Oorringetjies/-knoppies: Slegs dogters mag dun, gladde ringetjies en knoppies in silwer of goud of ‘ silwer diamantknoppie in die onderste gat van ‘n oorlel dra. Slegs een ringetjie of knoppie per oorlel is toelaatbaar. Maksimum deursnee van die ringetjie is 10mm en knoppie 3 mm onderskeidelik. Netjiese klein knoppies pêrel oorbelle van 5 mm in dogters se ore is ook aan-vaarbaar. Geen oorversierings van enige aard vir seuns nie.
d) Geen tongringe, neusringe, wenkbrouringe, naeltjie-ringe, of enige gaatjie in enige ander gedeelte van die oor buiten die oorlel en ander sigbare deurborings (“piercings”) mag saam met skooldrag of sportdrag gedra word nie. Neusringe en knoppies moet met ‘n vleeskleurige pleister toegeplak word.
e) Geen “pennetjies” of deursigtige pennetjies om gaatjies oop te hou is toelaatbaar nie.
f) Slegs horlosies mag gedra word sonder enige onnodige versierings of “charms” daaraan. “Fitbits” is toelaatbaar. “Smart watches” mag gedra word maar mag net geaktiveer word ingevolge die reëls en voorwaardes gestel in die kode. Geen slimhorlosies mag tydens die eksamen gedra word nie.
g) Gewone sonbrille mag nie by skoolklere gedra word nie, tensy toestemming deur die Hoof of sy gedelegeerde daartoe verleen is. ’n Voorskrifbril is hierby uitgesluit.
h) Kontaklense mag nie gekleur wees nie en mag net voorgeskryfde kontaklense wees vir beter sig en nie vir modegiere nie.

12.5.2.7 **Grimering**

a) Geen grimering, - ook nie by sport-geleenthede nie - tensy die graadbestuur daarvoor toestemming verleen weens spesiale omstandighede.
b) Geen wimperverlengings word toegelaat nie.
c) Ooghare mag nie afgeskeer word nie en geen patrone in die wenkbroue word toegelaat nie.
d) Prosedures soos permanente oogomlyner, “microblading” en poeier-wenkbroue word nie toegelaat nie.

12.5.2.8 **Naels**

a) Opgeboude en kunsnaels is verbode. Slegs kleurlose naellak is toelaatbaar. Geen gel, akriel, “French tips” of ander versierings op naels nie.
b) Naellengte - naels mag nie oor die vingerpunte steek, wanneer die hand omgedraai word nie.

12.5.2.9 **Hare: spesifieke voorskrifte vir dogters**

a) Leerders wat hul hare wil afskeer moet toestemming by die graadbestuur verkry.
b) Enige haarstyl wat uitspattig is, is ontoelaatbaar. Elke dogter se hare sal individueel beoordeel word deur die graadbestuur.
c) Hare mag nie op onnatuurlike wyse gekleur word nie. Pruike, vals haarstukke of verlengings word ook nie toegelaat nie. Waar 'n *weave* gedra word, moet dit in die natuurlike kleur van die dogter se hare wees.
d) Sodra hare lank genoeg is, moet dit vasgemaak word. Hare wat oor die kraag hang moet vasgemaak word.
e) Los hare en hare wat in die gesig hang, moet vasgesteek word.
f) Die kuif mag nie oor die wenkbroue of oë hang nie.
g) Hare mag slegs een skakering ligter of donkerder as natuurlike haarkleur gekleur word. *Highlights* moet natuurlik wees in een skakering ligter of donkerder as natuurlike haarkleur.
h) Stileermiddels, bv.gel, mousse of haarwaks, mag slegs gebruik word om hare in 'n natuurlike posisie te hou - "spikes" is ontoelaatbaar.
i) Geen uitspattige modegiere nie bv. geen afgeskeerde hare in die nek of langs die kop of patrone/lyne mag in die hare geskeer word nie.
j) Slordige en vuil hare is ontoelaatbaar.

12.5.2.11 **Hare: spesifieke voorskrifte vir seuns**

a) Elke seun se hare sal individueel beoordeel word deur graadbestuur.
b) Seuns se hare moet gesny word volgens onderstaande voorskrifte:
   i. Enige haarstyl wat onnodig aandag trek en volgens modieuse giere gesny is ontoelaatbaar.
   ii. Die kuif mag nie aan die wenkbroue raak of uitermatig lank wees nie.
   iii. Die hare mag nie aan die hemp se kraag raak nie.
   iv. Die hare moet so gesny wees dat dit of oral ewe kort is of kort aan die kant en geleidelik langer word na boontoe, binne die grense van hierdie kode.
   v. Die sny van 'n lyn aan die kant van die kop of ander patrone is ontoelaatbaar.
   vi. Die hare mag nie aan die ore raak wanneer dit afgekam word nie.
   vii. Die hare mag nie omgekam word om die lengte daarvan te verdoesel nie ten einde die riglyne binne hierdie kode te probeer omseil.
c) Slordige hare is ontoelaatbaar.
d) Geen uitspattige modegiere word toegelaat nie. Hare mag nie gekleur of gebleik word nie, ook nie "highlights" nie.
e) Stileermiddels, bv. gel en waks mag slegs gebruik word om kort hare in 'n natuurlike posisie te hou, "spikes" is ontoelaatbaar.
f) Wangbaarde mag nie laer as die middel van die oor gedra word nie en moet kort gesny wees.

12.5.2.13 **Baarde en skeer van baarde**

a) Waar baardgroei dit regverdig, moet gereeld geskeer word asook tydens eksamentye. Geen baardstoppels word toegelaat nie.
b) Alvorens 'n baard gegroei word vir godsdienstige redes, moet toestemming daarvoor verkry word.
c) Seuns wat ongeskeer skool toe kom en baardstoppels is sigbaar moet 'n skeermes en skeerroom by die dissplinehoof kry en gaan skeer en terugkom vir inspeksie.
d) Leerders met 'n mediese probleem moet 'n mediese motiveringsbrief inhandig by hul graadhoof indien hul nie binne hierdie voorskrifte kan wees nie.

12.5.2.14 **Balkies en Lapelwapens**

a) Slegs goedgekeurde, amptelike Hoërskool Eldoraigne balkies, lapelwapens en knopies mag op baadjies gedra word. Die huidige jaar se balkies mag gedra word.
b) Geen balkies en/of knopies van eksterne liggame, kompetisies of organisasies mag gedra word nie.
c) Die Graad 12 VLR mag hul informele komitee-balkie dra, soos goedgekeur deur die Eldoraadhoofde.

12.5.1.15 **Skoolbenodigdhede, boeke en tasse**

a) Alle boeke en skrifte moet netjies oorgetrek en gehou word en slegs gebruik word vir die doel waarvoor dit verskaf is.
b) Handboeke moet goed opgepas word sodat dit hergebruik kan word. Beskadigde handboeke wat nie aan gewone slytasie onderworpe is nie sal moet vervang word of die vervangingskoste inbetaal word.
c) ‘n Boek wat wegraak, moet met ‘n nuwe een vervang word of die prys van ‘n nuwe boek moet betaal word.
d) Geen slagspreuke, haatspraak, kru-taal of enige ander “graffiti” word op skooltasse toegelaat nie.

**12.6 Onvanpaste gedrag van ongewenste/onbehoorlike intieme toenadering, onwelvoeglike ontbloting van enige ledemate en/of enige ander vorm van onwelvoeglike/immorele aanraking en ander immorele gedrag**

12.6.1 Daar word van leerders verwag om te alle tye die welvoeglikheidsreëls ten opsigte van verhoudings te handhaaf.

12.6.2 Nabye fisiese aanraking/kontak is onvanpas vir leerders in enige opvoedkundige aktiwiteite/milieu wat enige seksuele ondertone kan hê of as sodanig geïnterpreteer kan word en wat as onaanvaarbaar beskou kan word.

12.6.3 Leerders mag nie by enige vorm van ongewenste toenadering betrokke wees soos soenery, onvanpaste omhelsing, arms om die skouers of middel of ander liggaamsdeel, op mekaar se skote sit nie, op bene sit nie, hande vas hou of aanraking van enige liggaamsdeel op enige wyse of enige ander immorele/onwelvoeglike/onbetaamlike gedrag, spraak, bewegings met enige liggaamsdeel nie wat die norme van goeie smaak of gedrag wat deur die skool as onaanvaarbaar beskou word oorskry.

12.6.4 Geen enkele leerder of ‘n groep leerders van twee of meer van watter geslag ook al, mag enige daad pleeg of poog om dit te pleeg of deelneem aan enige daad en/of betrokke wees by enige seksuele, onaanvaarbare, immorele, onwelvoeglike, ontoepaslike, onbetaamlike of enige onwettige dade of gedrag in die openbaar en/of onvanpaste toenadering in enige vorm op enige openbare plek, op die skoolgronde binne of buite sig van ander en/of weg van die skoolgronde tydens enige skoolaktiwiteit of skool ondersteunde aktiwiteit of skoolfunksie op enige skoolvervoermiddel, binne of buite skoolure, in of uit skooluniform of waar enige leerders as leerders van die skool geïdentifiseer kan word, of waar enige ander leerders van die skool of enige ander skool of lede van die publiek betrokke/teenwoordig is, pleeg nie.

12.6.5 ‘n Leerder sal nie ‘n daad pleeg wat ‘n ander persoon of hulself op enige wyse ontbloot nie.

12.6.6 ‘n Leerder sal nie deelneem of veroorsaak dat ‘n ander leerder by ‘n daad van geweld/aanranding/poging tot aanranding en/of seksuele teistering of enige verwante daad betrokke is nie.

12.6.7 Geen leerder mag by "afspraak"-geweld ("dating violence")/-argument betrokke wees of pleeg of sodoende enige vorm van onsedelike of onsedelike ontbloting/ blootstelling of onwelvoeglike taal of gedrag veroorsaak of betrokke wees nie.

12.6.8 Geen leerder mag betrokke wees by enige onvanpaste fisiese, gesuggereerde, seksuele gedrag, seksuele teistering nie, insluitend grappies, opmerkings, skinderstories, onvanpaslike gebare of onwelkome liggaamlike gedrag of onvanpaste aanraking of liggaamlike kontak van enige aard/vorm nie.

12.6.9 Geen leerder mag homself/haarself of enige intieme liggaamsdele ontbloot of dit aan enige ander leerder ontbloot nie en/of veroorsaak deur 'n ander persoon se klere te verwyder of klere op of af te trek of op enige manier vas te hou om sodanige onsedelike blootstelling te veroorsaak of te suggereer nie.

12.6.10 Leerders mag nie aan enige konsensuele seksuele dade en of teistering in enige vorm deelneem op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit op of vanaf die skoolterrein nie. “Konsensueel” beteken dat alle partye gewillige deelnemers aan ‘n daad is.

12.6.11 Openbare naaktheid / halwe naaktheid wat as ongewens of onvanpas beskou kan word, deur enige leerder word nêrens op die skoolterrein of op sosiale media toegelaat of tydens enige skoolaktiwiteit in of uit skooluniform, voor skool, gedurende skool of na skool toegelaat nie.

12.6.12 Geen leerder of 'n groep leerders mag enige daad van seksuele molestering, geweld, teistering, boelie, afpersing, intimidasie of enige pogings daartoe op skooleiendom, skoolvervoer of tydens enige skoolgeborgde geleenthede, op of vanaf die skoolterrein, binne of buite die skoolure, onderneem nie of in of uit skooldrag of op enige plek waar die leerder geïdentifiseer kan word as leerder van die skool pleeg nie.

12.6.13 Geen leerder mag sekstekste aan ‘n ander stuur nie en daar rus ‘n verpligting op ‘n leerder indien hy/sy so ‘n seksteks ontvang op ‘n selfoon of ander elektroniese toestel om dit aan te meld of aan sy/haar ouer te wys en te vermeld.

12.6.14 Geen leerder mag met ‘n opvoeder in ‘n verhouding betrokke raak binne of buite skoolverband nie. Dit word verbied ingevolge SARO se kode.

12.6.15 Indien enige sodanige gedrag soos hierbo genoem, onder die skool se aandag kom mag die skool die nodige dissplinêre stappe neem gegewe die graad van die oortreding en die remediërende maatreëls wat sodanig oortreding regverdig en/of wetlik vereis.

**12.7 Verbode en ontoelaatbare items/voorwerpe**

12.7.1 Kragtens Regulasie 4(1) van Goewermentskennisgewing 1040 (Staatskoerant 22754) van 12 Oktober 2001, is alle skole onder andere tot “gevaarlike voorwerpe [wapen] vrye sones” verklaar. Daar bestaan dus geen rede waarom enige persoon ‘n gevaarlike wapen en/of voorwerp na die skool of ‘n skoolaktiwiteit toe wil bring nie daarom is die skool in ten sterkste gekant teen die dra van gevaarlike wapens en voorwerpe by die skool of enige ander skoolaktiwiteit (amptelik en nie-amptelik) of enige ander aktiwiteit waarby die skool betrokke mag wees wat onder die vaandel van ‘n ander organisasie/skool aangebied word. Dit sluit in die handel/ uitruil van voorwerpe of die gebruik van ŉ voorwerp om ander te beseer, intimideer, dreig of forseer.

12.7.2 Sien: Dissiplinêre prosedures vir die volledige lys verbode items en konfiskasieprosedure.

12.8 **Gevaarlike en rowwe speletjies, aksies, dade, instrumente en voorwerpe**

12.8.1 Gevaarlike en rowwe speletjies, aksies en/of dade deur gebruik van enige verbodemiddel soos beskryf hierbo of enige speletjie, daad en/of aksie wat die lewe van ‘n leerder self of die lewe van enige ander persoon kan skade berokken, bedreig of tot die verlies daarvan kan lei word streng verbied. Leerders mag ook nie aan sodanige aktiwiteit deelneem of dit as toeskouer aanskou nie. Leerders is verplig om enige sodanige aktiwiteit onmiddellik aan te meld by die naaste volwasse persoon.

12.8.2 Die skool erken die reg van ŉ ‘n lid van die SAPD en die skool se sekuriteits-dienste ter uitvoering van amptelike pligte soos polisiëring of gewapende veiligheidsdienste. Dus moet leerders en ouers bewus wees dat die nodige ingryping gedoen sal word soos nodig geag te midde van enige sodanige aktiwiteit of geleentheid ten einde die veiligheid van leerders en/of meerderheid van die leerders te verseker.

12.8.3 Die Hoof mag, vir wettige onderwys- en akademiese doeleindes, die teenwoordigheid op die skoolgronde van gevaarlike skerp voorwerpe soos skêre, naalde gereedskap en messe, wettig. Toegang daartoe moet beheer word as dit nie in gebruik is nie.

12.8.4 Geen leerder of persoon mag in besit wees van enige stuk gereedskap wat nie gebruik word vir of tydens enige akademiese doeleindes nie. Gereedskap mag net gebruik word vir die spesifieke vak waarvoor dit benodig word.

12.8.5 Misbruik of ongemagtigde gebruik van toelaatbare items sal beslis ook ingevolge die skool se dissiplinêre prosesse en/of die landswette gehanteer word.

12.8.6 Die besit of gebruik van ’n gevaarlike wapen en/of voorwerp word beskou as ernstige wangedrag ingevolge die gedragskode van die skool en skedule 2 (vii) en indien dit gebruik is op enige manier teen ‘n ander lede ook Skedule 2(ix) van Algemene Kennisgewing 6903 van 2000 soos gewysig en kan lei tot skorsing, ‘n dissiplinêre verhoor en uitsetting uit die skool.

12.8.7 Niemand mag enige voorwerp na ‘n ander persoon gooi of iets optel en as wapen gebruik nie en dit kan as aanranding of die intensie om ‘n ander aan te rand beskou word.

**12.9 Ontwrigting van klasse / skoolaktiwiteite en die opvoedkundige proses deur enige leerder**

12.9.1 Die basiese reël is dat geen leerder die skoollewe op enige manier mag ontwrig nie en/of opsetlik die ontwrigting of belemmering van enige funksie van die skool te veroorsaak, en hy/sy mag ook nie aan sodanige optrede deelneem, dit ondersteun, aanmoedig of moontlik maak indien dit redelikerwys beskou kan word dat sodanige optrede ontwrigting of belemmering van die opvoedkundige proses in die skool kan wees nie.

12.9.2 Vir die doeleindes van die gedragskode is 'n ontwrigtende leerder 'n leerder wat die opvoedingsproses wesenlik ontwrig of die gesag van enige opvoeder oor die klaskamer wesenlik belemmer of uitdaag. 'n Wesenlike ontwrigting van die opvoedingsproses of wesenlike inmenging met die gesag van 'n opvoeder vind plaas wanneer 'n leerder 'n aanhoudende onwilligheid toon om aan die opvoeder se redelike voorskrifte te voldoen of herhaaldelik die opvoeder se redelike gedragsreëls oortree. Gedrag word ook as wanordelik / ontwrigtend beskou as 'n opvoeder verhoed word om 'n aktiwiteit of les te begin of die aktiwiteit of les moet staak om die ontwrigting aan te spreek.

12.9.3 'n Leerder mag nie en sal nie aktief of passief 'n ander leerder of groep leerders aanmoedig, onderskraag en / of andersins aanmoedig om die reëls wat in hierdie gedragskode vervat is, te oortree nie.

12.9.4 ‘n Leerder sal ook nie ander persone aanmoedig om aan sodanige optrede deel te neem met die doel om sodanige ontwrigting of belemmering te veroorsaak nie.

12.9.5 Geen leerder mag voortdurend geluide maak of sing, dreig, dreunsing, uitdrukkings maak in enige taal of op enige ander manier optree om die opvoeder se vermoë te beïnvloed en/of sy/haar vermoë om die klas in 'n wettige wyse te onderrig nie.

12.9.6 Geen leerder mag die wettige missiestelling, visiestelling, proses of funksie van die skool op enige manier ontwrig of poog om dit te ontwrig deur geweld, intimidasie, afpersing, geraas, dwang, bedreiging, teistering, vrees of passiewe weerstand nie.

12.9.7 Geen leerder mag die menswaardigheid van 'n ander persoon aantas nie, wat insluit die maak van vals of onbevooroordeelde verklarings of voorstellings oor 'n individu of 'n identifiseerbare groep individue wat die reputasie van die persoon of die identifiseerbare groep benadeel.

12.9.8 Geen leerder mag probeer om dreigende geweld teen 'n ander persoon aan te spoor of aan te hits as gevolg van sy of haar ras, godsdiens, geslag, gestremdheid en/of seksuele oriëntasie op enige manier en/of op enige sosiale media platform nie.

12.9.9 Geen leerder mag diskrimineer en/of betrokke raak by enige vorm van dreigende gedrag of dit nou op 'n ander persoon gerig is of nie, wat 'n redelike persoon sou meen dat dit skade kan veroorsaak vir leerders, skoolpersoneel of skooleiendom nie.

12.9.10 Geen leerder mag die sameroeping of voortgesette funksionering van die skool, klas of enige skoolaktiwiteit of van enige wettige vergadering of vergadering van die skool verhoed of probeer om dit deur enige fisieke en/of digitale handeling te voorkom nie.

12.9.11 Geen leerder mag deelneem aan enige aksie wat plaasvind buite die normale skooldag of vanaf die skooleiendom wat 'n direkte en onmiddellike negatiewe uitwerking op die dissipline of opvoedingsproses of die effektiwiteit of die reputasie van die skool of 'n impak het op die prestasie of dissipline of menswaardigheid van enige skoolleerder en/of personeellid nie.

12.9.12 Die Skoolhoof of die BL kan sulke aangeleenthede na ’n wetstoepassings-agentskap verwys vir ondersoek en vervolging en mag in sekere gevalle kriminele klagtes en / of aanklagtes aanhangig maak as die leerder se optrede krimineel van aard is.

12.9.13 Geen leerder mag opsetlik en/of met voorbedagte rade, veroorsaak of optree op so 'n manier dat dit 'n vals brandalarm, vals noodgeval of 'n brandalarm en/of bombedreiging veroorsaak nie.

12.9.14 Geen leerder mag betrokke raak en/of deelneem aan of probeer om 'n staking / arbeidskwessie van enige werknemer of groep werknemers van die skool te beïnvloed of te ondersteun nie.

12.9.15 Dit is verbode vir enige leerder om by politieke aktiwiteite tydens skooltyd betrokke te wees. Partypolitieke aktiwiteite sluit in, maar is nie beperk nie tot-

a. veldtogvoering;
b. die hou van byeenkomste;
c. die verspreiding van pamflette en strooibiljette;
d. die hang of opsit van plakkate en baniere;
e. die dra van enige politieke beweging of politieke part se kentekens van enige aard nie.

**12.10 Rook en/of vape**

Die geboue en skoolterrein is 'n rookvrye gebiede. Hierdie bepaling geld vir alle persone ongeag ouderdom, dus mag geen persoon (leerders, personeel, ouers en/of besoekers) op enige plek op die skoolterrein rook soos gedefinieer in hierdie gedragskode nie. Dit is verbode om in of op voertuie van die skool sowel as voertuie wat gehuur word vir/aan die skool te rook of e-sigarette te gebruik of te vape.

12.10.1 Alle vorme van rook (ingesluit 'vaping') deur leerders op die skoolterrein, by skoolfunksies of in enige openbare plek waar hulle die skool verteenwoordig of met die skool geassosieer kan word, of in skooldrag of siviele drag is, is streng verbode. Dit sluit ook in die plasing van materiaal op sosiale media wat sodanige gebruik toon of sodanige gebruik suggereer.

12.10.2 Geen leerder mag op die skool- of sportterrein in besit wees van enige materiaal wat met rook verband hou nie of in die geselskap wees van sulke persone nie. Indien 'n leerder self nie rook nie, maar teenwoordig is waar gerook word, sal dieselfde straf toegepas word en dus ook beskou word as 'n roker. Die besit van nikotien- of tabak produkte, vuurhoutjies, sigaretaanstekers, e-sigarette se vloeistowwe is ten alle tye verbode – dit sluit ook die rook van e-sigarette en/of "vapes", Hubly Bubbly in asook dwelms insluitend dagga en ander verbode middels. Die Skoolhoof of 'n opvoeder deur hom bemagtig, beskik oor die wetlike bevoegdheid om enige leerder ter enige tyd te toets of te laat toets vir substansgebruik volgens voor-geskrewe prosedures. "*South African Schools Act 84 of 1996 as amended by notice 340 of 2008: Devices to be Used for Drugtesting and the Procedure to be Followed".*

12.10.3 Verder mag die SAPD of Metro Polisie enige tyd die skool en leerders deursoek vir substans besit en mag hulle enige leerders ook toets vir substans gebruik. Sodanige deursoek en/of toetsing kan wetlik geskied sonder die toestemming van die ouers.

12.10.4 'n Leerder sal -200 debiete ontvang vir elke vape of rookverwante-oortreding soos hierbo uitegelig.

12.10.5 Enige verdere oortreding sal lei tot 'n skriftelike waarskuwing en daarna 'n finale skriftelike waarskuwing wat insluit die teken van 'n ooreenkoms tussen die ouers, die leerder en die BL waarvan die uitkomste hiervan asook die sanksie opgelê teen die leerder sal deur 'n dissiplinêre verhoor bepaal word.

**12.11 Alkohol**

12.11.1 Leerders word streng verbied om op die skoolterrein, by skoolfunksies, op skoolbussies/enige skoolvervoer in enige voertuig op die skoolterrein of in enige publieke area waar hulle die skool verteenwoordig of daarmee geassosieer kan word, alkohol te gebruik en/of sosiale media plasings te maak van sodanige gebruik of wat sodanige gebruik suggereer.

12.11.2 Leerders mag nie in besit wees van alkohol of enige produk wat alkohol bevat of enige medikasie met 'n alkoholinhoud (medikasie moet verklaar word en toestemming vir die besit daarvan moet aan 'n leerder verleen word uitgesluit medikasie vir chroniese toestande) of daarmee smous nie.

### 12.12 Toordery of okkultiese aktiwiteite

12.12.1 Die skool se godsdiensbeleid en etos word by inskrywing duidelik gemaak aan alle ingeskrewe leerders en hul ouers. Satanisme, toordery, en enige praktyke, gebruike, kentekens of rituele wat daarmee verband hou, is streng verbode op die skoolterrein en tydens enige skoolaktiwiteit. 'n Vrystelling kan ingevolge bepaling 8.1.10 van die gedragskode skriftelik versoek word.

### 12.13 Beoefening van tradisionele medisyne en verwante aktiwiteit

12.13.1 Die beoefening/verskaffing/bevordering van bogenoemde deur enige leerder ter enige tyd op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit op of vanaf die skoolterrein, sonder die toestemming van die BL, word nie toegelaat nie, dit sluit in die verskaffing van enige stof aan enige leerder om in te asem, te eet, te verbruik, in te neem, te snuif of gebruik op enige ander manier in of op hul liggame aan te wend.

### 12.14 Godslastering, Lasterlike Taal of enige vorm van onwelvoeglike taalgebruik

12.14.1 Die gebruik van lasterlike of vulgêre taal, uitdrukkings en gebare deur leerders van die skool of waar sodanige leerder as leerder van die skool geïdentifiseer kan word, is streng verbode. Dit- sluit in vulgariteite wat op klere, artikels, boeke, eiendom, skool-banke ens. tentoongestel word of aangebring is.

### 12.15 Dreigemente, teistering, treitering of afpersing

12.15.1 Dreigemente van geweld, besering, teistering, intimidasie, afpersing en treitering is verbode. Treitering is enige handeling wat 'n ander persoon verneder, degradeer, misbruik of in gevaar stel ondanks die ander persoon se gewilligheid om deel te neem. Fisiese, verbale of geskrewe teistering of misbruik van enige persoon of enige ander optrede wat enige ander persoon op die skoolterrein of tydens skoolfunksies, uitstappies of aktiwiteite bedreig of fisies of emosioneel in gevaar stel of die veiligheid van die persone bedreig, is verbode.

12.15.2 Seksuele teistering / wangedrag van seksuele aard: Leerders mag geen aanmerking, grap, dreigement of ongepoetste gebaar met 'n seksuele karakter maak wat ander leerders, personeel of besoekers aan die skool kan aanstoot gee nie.

### 12.16 Dieremishandeling

Enige leerder wat hom/haar skuldig maak aan dieremishandeling op of vanaf die skoolterrein waar sodanige leerder met die skool geassosieer kan word sal aangekla word van ernstige wangedrag.

### 12.17 Diefstal

12.17.1 Geen artikels mag uit stoor- of klaskamers of van die skool- of sportterrein verwyder word sonder die verantwoordelike opvoeder se toestemming nie.

12.17.2 Geen leerder mag 'n ander leerder se persoonlike eiendom neem of vat en/of gebruik sonder uitdruklike toestemming van die ander leerder nie. Gevolglik mag 'n leerder ook nie 'n ander leerder se eiendom deursoek of daarin krap nie, dit sluit in tasse, sluitkassies, sportsakke en/of kleredrag.

### 12.18 Vandalisme

12.18.1 Krap op, misbruik of beskadiging van enige eiendom van die skool (wat insluit banke, deure, mure ens.) of enige persoon is verbode.

12.18.2 Die koste vir vervanging van en/of herstel van beskadigde eiendom sal van die oortreder se ouers verhaal word.

12.18.3 Indien eiendom per ongeluk gebreek word, moet dit dadelik aan die betrokke onderwyser en/of personeellid gerapporteer word.

12.18.4 Alle leerders het die verantwoordelikheid om enige vorm van vandalisme te rapporteer. Indien 'n leerder in die teenwoordigheid van 'n daad van vandalisme bevind sal hulle as skuldig geag word aan vandalisme tensy hulle nie doelbewus 'n poging aanwend om hulself van die situasie te verwyder of die wangedrag uit te wys nie.

### 12.19 Selfone en ander persoonlike elektroniese toerusting

(Sien ook die skool se Sosiale Media Beleid)

12.19.1 Leerders mag selfone en/of ander elektroniese toerusting skool toe bring op risiko van die leerder en ouers, maar is verplig om by die reëls m.b.t selfone te hou tydens skoolure en op die skoolterrein en/of by die reëls soos gekommunikeer deur ‘n personeellid tydens ‘n skoolaktiwiteit of skool verwante aktiwiteit.

12.19.2 Die BL kan op enige tyd die gebruik van sodanige selfone en/of ander elektroniese geheel of gedeeltelik vir leerders en/of ‘n groepering van leerders opskort op die skoolterrein. Sodanige besluit sal by ‘n amptelike en/of spesiale vergadering van die BL goedgekeur word en skriftelik aan ouers via die amptelike kommunikasiekanale gekommunikeer word.

12.19.3 Die selfoon en/of ander elektroniese toerusting se bewaring en/of veiligheid bly ter alle tye die van die leerder en/of ouers. Die skool, personeel en BL sal onder geen omstandighede verantwoordelik gehou word vir enige verlies of skade aan sodanige selfoon en/of elektroniese toerusting of die vervanging daarvan nie.

12.19.4 Tydens klastyd en of formele assesseringstyd sal die selfoon en/of ander elektroniese toerusting in die stoorspasie soos aangewys deur die onderwyser en/of personeellid geplaas word of indien die leerders so verkies, in sy/haar tas. Die selfoon en/of ander elektroniese toerusting mag nie aan die leerder wees of deur die leerder hanteer word nie met die uitsondering soos hieronder uiteengesit in paragraaf 12.19.5.

12.19.5 Alleenlik wanneer ‘n opvoeder toestemming gee dat selfone en/of ander elektroniese toestelle vir onderrig-doeleindes gebruik word, mag dit tydens ‘n lesperiode gebruik word.

12.19.6 Indien daar ‘n noodgeval is en/of die leerder die ouer en/of voog vir welke rede moet kontak kan die leerder by die administratiewe kantoor aanmeld en sal die leerder sodanig gehelp word.

12.19.7 Selfone mag alleenlik tydens pouses of voor of na skool gebruik word en dan net vir wettige doeleindes.

12.19.7.1 Onwettige gebruik en/of misbruik van selfone en/of ander elektroniese toerusting sluit die volgende in:

a) Die gebruik daarvan vir die neem van fotos en/of opneem van personeel of leerders sonder hul toestemming, hetsy visueel, klank of beide.
b) Die gebruik daarvan vir die vervaardiging, verspreiding, stoor of plaas van enige inhoud op enige platform wat enige leerder of personeellid of die skool in ‘n slegte lig stel.
c) Die gebruik daarvan vir die vervaardiging, verspreiding, stoor of plaas van inhoud wat as pornografie geag kan word hetsy van die leerder self, ander leerders of enige ander persoon.
d) Die gebruik daarvan om enige pornografie of enige inhoud met ‘n ouderdomsbeperking of wat as onwettig of onwelvoeglik geag kan word te besigtig.
e) Die gebruik daarvan vir die vervaardiging, verspreiding, stoor of plaas van inhoud wat as seksisties, rassisties, lasterlik, haatspraak of minagtend tot die oortuiging of wese van enige individu geag kan word.
f) Die gebruik daarvan vir die vervaardiging, verspreiding, stoor of plaas van inhoud wat enige onwettige praktyk volgens hierdie Gedragskode en/of landswette aanmoedig of ondersteun.
g) Die gebruik daarvan vir die vervaardiging, verspreiding, stoor of plaas van inhoud wat ‘n beleidsverandering en/of ander optrede deur die skool en/of sy bestuur of BL vereis wat nie alvorens deur die amptelike kanale vir beslegting geneem is nie.
h) Die gebruik daarvan vir die vervaardiging, verspreiding, stoor of plaas van inhoud wat enige ander instansie / skool en/of leerders of enige persone in ‘n slegte lig stel en/of teister / verkleineer / boelie of afpers.
i) Die gebruik daarvan om deel te neem, gehoor te wees tot of inhoud te skep, te versprei of te stoor wat ‘n ander persoon verkleineer, boelie, teister, afpers en/of intimideer.
j) Die gebruik daarvan om enige *dark web* aktiwiteit by betrokke te wees.
k) Die gebruik daarvan vir die verhandeling, verkoop en/of aankoop van enige onwettige middel of goedere op of vanaf die skoolterrein.
l) Die gebruik daarvan om deel te neem aan dobbelpraktyke.

m) Die gebruik daarvan om toegang te verkry tot enige verbode materiaal soos uiteengesit in hierdie gedragskode deur gebruik van die skool se wi-fi en/of persoonlike data en/of middele.

n) Lid wees van ‘n groep of adminastrateur wees van ‘n groep of die ondersteun van ‘n opmerking of die maak van ‘n opmerking waarop enige van die bogemelde gebeur.

12.19.7.2 Die bepalings rakende onwettige gebruik en/of misbruik van selfone en/of ander elektroniese toerusting geld te alle tye omdat dit nie moontlik is vir ‘n leerder om op hierdie platforms hulself van die skool te distansieer nie. Dus, ten opsigte van die kuberruim en verwante platforms is leerders te alle tye hetsy tydens of buite skoolure, in of buite skooldrag, op of vanaf die terrein, tydens die skool kwartaal of vakansies, in die week of oor naweke, verbind tot die skool en kan geassosieer word met die skool.

12.19.7.3 Omdat meeste leerders tydens hul skoolloopbaan minderjarig (onder die ouderdom van 18) is rus die onus op die ouer(s) en/of voog(de) van die leerder om gebruik van die selfoon en/of elektroniese toerusting te monitor en te beheer. Regtens kan die ouer(s) en/of voog(de) dus verantwoordelik gehou word vir die gebruik en/of misbruik daarvan. Leerders is egter vanaf die ouderdom van sewe (7) tensy anders geag deur ‘n hof regsaanspreeklik vir *crimen injuria* en gevolglik moet ouers en/of voogde hul inlig van die implikasies hiervan.

12.19.8 Indien ’n leerder se selfoon en/of ander elektroniese toerusting gedurende die skooldag tydens klastyd en/of kontaktyd lui of ‘n toon maak, of indien die selfoon of ander elektroniese toerusting sonder die toestemming van ‘n opvoeder en/of ander aangewese personeellid deur die leerder hanteer word tydens klastyd en/of kontaktyd sal die volgende geld:

12.19.8.1 Die leerder sal die nodige debiete (E3) onderteken vir ongematigde selfoongebruik. Die selfoon sal verseël word in ‘n koevert en in die kluis gestoor word tot die einde van die daaropvolgende skooldag, wanneer die leerder die foon mag afhaal by Ontvangs.

12.19.8.2 Wanneer ‘n leerder vir die derde keer in ‘n akademiese jaar, debiete ontvang vir ongemagtigde selfoongebruik, sal die Dissiplinehoof ‘n skriftelike waarskuwing uitreik aan die leerder omdat ‘n patroon van nie-nakoming van die gedragskode en selfoonbeleid duidelik is.

12.19.8.3 Enige verdere oortreding na die skriftelike waarskuwing na die Beheerliggaam verwys word met die aanbeveling van ‘n algehele verbod op die gebruik en in besit wees van ‘n selfoon en/of ander elektroniese toerusting deur die betrokke leerder op die terrein.

12.19.9 Indien die leerder weier om sy/haar selfoon en/of ander elektroniese toerusting te oorhandig weens die oortreding kan hy/sy aangekla word van insubordinasie en weiering van ‘n wettige opdrag van ‘n persoon in gesag. Dit sal as rede vir verswarend optrede beskou word aangesien die leerder die reg het om appèl aan te teken.

12.19.10 Selfone en/of ander elektroniese toestelle mag nie in die plek van sakrekenaars gebruik word nie.

12.19.11 Selfoongebruik en ander elektroniese toerusting, mikrofone, oorfone en “ear pods” is tydens openinge verbode, klaswisseling en lesperiodes.

12.19.12 Leerders mag nie die *bluetooth* of *air drop* funksionaliteit van enige elektroniese toestel enige tyd op die skoolterrein of tydens skool verwante aktiwiteite of op skoolvervoer gebruik nie.

12.19.13 Geen elektroniese toestel wat selfone, *smart* watches, tablets, rekenaars en ongemagtigde sakrekenaars insluit mag tydens formele assesserings by ‘n leerder wees of sigbaar wees nie. Enige oortreding hiervan sal hanteer word as oneerlikheid en/of poging daartoe.

12.19.14 Geen selfoon of ander elektroniese toestel mag by enige kragpunt by die skool herlaai word sonder die toestemming van ‘n opvoeder nie.

12.19.15 Leerders mag op eie risiko selfone en/of ander elektroniese toerusting saamneem wanneer hulle op kampe/toere/uitstappies of ander skool verwante geleenthede gaan in ag genome die volgende:

a. Die selfoon en/of ander elektroniese toerusting se bewaring en/of veiligheid bly ter alle tye die van die leerder en/of ouers. Die skool, personeel en BL sal onder geen omstandighede verantwoordelik gehou word vir enige verlies of skade aan sodanige selfoon en/of elektroniese toerusting of die vervanging daarvan nie.

b. Gebruik van sodanige selfoon en/of ander elektroniese toerusting is onderhewig aan die opdragte van die personeellid wat die leerder vergesel.
c. ‘n Leerder kan ‘n versoek rig wat gegewe redelikheid oorweeg sal word om enige dringende saak met ‘n ouer en/of voog te bespreek.
d. Gebruik van sodanige selfoon en/of elektroniese toerusting mag nie inbreuk maak op enige aktiwiteit of aanbieding nie.
e. Enige vorm van misbruik van selfone en/of ander elektroniese toerusting wat insluit die gebruik daarvan op ongemagtigde tye, na ligte uit, vir die kyk, verspreiding en/of plasing van pornografie en/of teistering of boelie van ander persone en/of minagting van die opdragte van die personeellid sal lei tot konfiskering van sodanige selfoon en/of elektroniese toerusting vir die duur van die kamp/toer/uitstappie of skool verwante geleentheid. Die leerder kan verder onderwerp word aan dissiplinêre optrede met sy/haar terugkeer na die skool na afloop van die geleentheid.

## 12.20 Die skep van onenigheid en die verspreiding van ongewenste materiaal

12.20.1 Geen leerder mag rassistiese, lasterlike, seksistiese of pornografiese inligting of inhoud (in die vorm van teksboodskappe, *memes*, *stickers*, plakkate ens) versprei, vervaardig, stoor, plaas of in hul besit hê in welke vorm tydens welke geleentheid aktiwiteit of tyd nie. Dit kom op ernstige wangedrag neer.

12.20.2 Sodanige materiaal soos verwys na in paragraaf 12.20.1 sal gekonfiskeer word en in die kluis gestoor word tot en met die afhandeling van die dissiplinêre verhoor en/of ondersoek. In geval van elektroniese media sal dit op ‘n geheuestokkie gestoor word wat in die kluis geplaas word. Dit sal nie op enige persoonlike toestel of geleende toestel van die skool van ‘n personeellid gestoor word nie.

12.20.3 Geen leerder mag neerhalende of aanstootlike boodskappe oor die skool, sy personeel, ouers of leerders of enige ander instansie of persoon publiseer of versprei nie. Indien ‘n leerder daaraan skuldig bevind word dat hy/sy die skool se naam oneer aangedoen het, kan dit tot ‘n dissiplinêre optrede of regsaksie vir laster lei.

12.20.4 Regstappe kan ook geneem word teen ‘n ouer of lid van die gemeenskap wat die skool se naam oneer aandoen.

## 12.21 Waardevolle Artikels

12.21.1 Leerders word aangeraai om nie enige waardevolle items skool toe te bring nie en die verlies en/of beskadiging daarvan is nie die skool of enige personeellid en/of die BL se verantwoordelikheid nie.

12.21.2 In hoogs uitsonderlike gevalle kan uiters waardevolle items by ontvangs ingehandig word vir bewaring in die kluis vir nie langer as een (1) skooldag nie.

## 12.22 Klanktoerusting

Geen klanktoerusting, doef-doef tasse of soortgelyke *bluetooth* klankversterkers mag tydens die skooldag of voor of na skool op die skoolterrein of tydens skool verwante aktiwiteite gebruik word tensy daar vooraf toestemming vanaf die Skoolhoof en/of sy gedelegeerde verkry is nie. Klanktoerusting wat onwettig en/of sonder toestemming gebruik word sal gekonfiskeer word en die prosedure sal dieselfde wees as vir selfone en/of ander elektroniese toerusting.

## 12.23 Dobbelary

Geen vorm van dobbelary, lotery, geldleen-skema, dobbelsteen speletjies, opskiet van munte tussen leerders en/of personeel in welke formaat ookal mag op die skoolterrein plaasvind nie. Geen leerder mag aan enige aanlyndobbelspel tydens enige tyd op die skoolterrein of gedurende die skooldag op sy haar selfoon toegang verkry of daaraan deelneem nie.

## 12.24 Fietse

12.24.1 Leerders wat met fietse skool toe kom sal alle verkeerstekens en –wette gehoorsaam en sal vir hulle eie veiligheid valhelms dra.

12.24.2 Fietse sal nie op die skoolterrein gery word nie. Leerder(s) sal sodra hulle die skoolterrein betree van die fiets afklim en dit na die fietsloods stoot waar dit vir die duur van die skooldag geberg sal word.

12.24.3 Sodra fietse geparkeer en gesluit is in die beskikbare fietsrame, moet dié gebied dadelik verlaat word. Die fietsloods word gesluit gedurende amptelike skoolure.

12.24.4 Geen fietse mag op die sportvelde of onmiddellike omgewing gery word nie.

12.24.5 Fietsslotte moet te alle tye gesluit wees as die leerder nie die fiets gebruik nie. Dit is die leerder se eie verantwoordelikheid en die skool, sy personeel en/of die BL sal geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige skade of verlies nie.

### 12.25 Skaatsplanke, rolskaatse en *wheelie*-skoene

Skaatsplanke, Rolskaatse en *wheelie*-skoene is verbode op die skoolterrein. Hierdie items sal gekonfiskeer word en dit kan aan die einde van die skoolkwartaal deur die leerder en ouer of alleenlik die ouer afgehaal word.

### 12.26 Motorfietse en motors

12.26.1 Slegs motors en motorfietse van leerders met 'n geldige bestuurslisensie en wat voertuig by Veiligheids- en Sekuriteitsbeampte geregistreer het word op die skoolterrein toegelaat. Aansoekvorms moet afgehaal word en ingehandig word met die nodige bewyse alvorens die voertuig op die terrein toegelaat sal word.

12.26.2 Geen verantwoordelikheid word deur die skool, enige personeellid of die BL aanvaar vir die verlies of beskadiging van valhelms, voertuie of motorfietse nie.

12.26.3 'n Maksimum spoed van 15km.h geld op die skoolterrein.

12.26.4 Voetgangers geniet te alle tye voorrang op die skoolterrein.

12.26.5 Slegs voorgeskrewe parkeerareas soos gekommunikeer aan leerders mag gebruik word.

12.26.6 Motorbestuurders en motorfietsryers moet die eerste tien minute direk na skool wag vir voetgangers voordat hulle mag ry.

12.26.7 Enige skade wat deur die bestuurder van 'n motor/motorfiets aan enige eiendom (skool of privaat) aangerig word, moet deur die eienaar of bestuurder betaal word en is nie die skool, enige personeellid of die Beheerliggaam se verantwoordelikheid nie.

12.26.8 Geen leerder mag in 'n voertuig op die skoolterrein rook of ander wangedrag pleeg soos uiteengesit in hierdie gedragskode nie.

12.26.9 Leerders met eie vervoer mag nie tydens die skooldag die skoolterrein verlaat nie tensy die nodige toestemming daarvoor vooraf gegee is deur die ouer en/of voog aan die graadhoof.

12.26.10 Leerders anders as die bestuurder van die voertuig en/of motorfiets waarvoor die nodige toestemming gegee is mag nie die skoolterrein tydens die skooldag verlaat nie tensy die nodige toestemming daarvoor vooraf gegee is deur die ouer en/of voog van die betrokke leerder aan die graadHoof.

12.26.11 Leerders mag nie tydens die skooldag in, rondom en/of op motorfietse en voertuie wees nie.

### 12.27 Sluitkassies

12.27.1 Die sluitkassies is en bly skool eiendom en mag van tyd-tot-tyd deur die Skoolhoof of sy gedelegeerde sonder vooraf kennisgewing en sonder die toestemming van enige ouer/voog geïnspekteer/deursoek word tot voordeel van die skool. Leerders mag nie weier om sluitkassies vir die gemagtigde opvoeders oop te sluit vir inspeksie nie.

12.27.2 Enige gebreke aan enige sluitkassie moet by die graadHoof aangemeld word wat dit by die skool se infrastruktuurbestuurder sal aanmeld. Elke leerder sal verantwoordelik gehou word vir enige gebreke aan sluitkassies wat nie aangemeld is nie.

12.27.3 Leerders word nie toegelaat om sonder toestemming sluitkassies te ruil nie.

**12.28 Rekenaarsentrums**

12.28.1 Geen leerder mag sonder die toesig van 'n opvoeder in die rekenaarsentrums werk nie.

12.28.2 Die klasbeleid aangaande die gebruik van rekenaars moet eerbiedig word om ontsegging van die gebruik te voorkom.

**12.29 Verbode gebiede of gebiede waar toegang voorbehou word**

Verbode terreine mag glad nie deur leerders voorskool, tydens pouse of na-uurs betree word nie. Die volgende areas geld:

a. Tydelike klasse.
b. ‘n Ander graad se badkamers.
c. Krieketakademie en omliggende parkering.
d. Netbal-en tennisbane.
e. Die badkamers en pawiljoen.
f. Parkeerterrein en afdakke van personeelmotors.
g. Matriekparkering
h. Stoepe. Leerders mag wel die kleedkamers gebruik maar mag nie op die stoepe bly vir die duur van pouse nie.
i. B-veld en Astro, noord van die deurloop by die pawiljoen (dus helfte van die veld).
j. Fietsloods en Groentetonnels
k. Agter NL en die deurloop na die M- en K-blok.
l. Personeelkamer, personeelkombuis en personeelkleedkamers.
m. Die trap vanaf die voorportaal in die administratiewe blok.
n. Die voorportaal mag nie as ‘n deurgang gebruik word nie.
o. Leerders mag nie by die skoolhekke aflewerings in ontvangs neem nie.

**12.30 Eiendom en skooltoerusting**

12.30.1 Opvoeders se lessenaars en ander eiendom is privaat en niks mag verwyder, gebruik of aangeraak word, sonder hulle toestemming nie.

12.30.2 Leerders moet die motorvoertuie van opvoeders en ander lede van die publiek wat op die terrein geparkeer is uit los, en nie daarteen te leun, daaragter speel, tussen voertuie deurbeweeg of dit beskadig nie.

12.30.3 Geen toerusting, opvoedingsmateriaal ensovoorts mag uit klaskamers of ander lokale sonder die toestemming van ‘n opvoeder of ‘n personeellid verwyder word of gebruik word nie.

12.30.4 Kledingstukke, skoene en of ander eiendom van leerders wat op die terrein gevind word moet by die kantoor vir veilige bewaring ingehandig word.

12.30.5 Alle kledingstukke, tasse en sakke moet met leerders se name gemerk wees.

12.30.6 Die skool, enige personeellid en die BL aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige eiendom van watter aard ookal van ’n leerder nie.

**12.31 Verbod Op Inisiasiepraktyke (Ontgroening)**

12.31.1 Geen leerder mag enige vernederende inisiasiepraktyke teen ʼn leerder by die skool inisieer bedryf of daaraan deelneem nie. Inteendeel, dit kan ook as boeliegedrag en aanranding of poging of dreigement tot aanranding gereken word.

12.31.2 By die toepassing van hierdie gedragskode beteken inisiasiepraktyke die volgende: Enige handeling in die proses van inisiasie, toelating tot, of inlywing by, of as ʼn voorwaarde vir voortgesette betrokkenheid by die skool, ʼn groep, binnemuurse of buitemuurse aktiwiteite, sportspan, of aktiwiteit wat:

12.31.2.1 Die geestelike of fisiese gesondheid of veiligheid van ʼn leerder werklik of potensieel in gevaar stel.

12.31.2.2 Die intrinsieke menswaardigheid van ʼn leerder ondermyn deur hom/haar as minderwaardig teenoor ander te behandel.

12.31.2.3 ʼn Leerder onderwerp aan onnatuurlike, ongeoorloofde, vernederende, immorele, onsedelike of geweldsdade wat die grondwetlike waarborg van waardigheid in die Handves van Menseregte ondermyn.

12.31.2.4 Die fundamentele regte en waardes vermeld in die Grondwet, Skolewet en enige ander toepaslike wetgewing ondermyn.

12.31.2.5 Die ontwikkeling van 'n ware demokratiese kultuur, wat aan 'n leerder die reg gee om waardig geag te word en om met respek en sorg behandel te word, ondermyn.

12.31.2.6 Openbare of private eiendom van die leerder of enige ander persoon en/of die skool vernietig of beskadig.

## 12.32 Verbod Op Lyfstraf of hardhandige fisiese kontak

12.32.1 Lyfstraf of enige hardhandige fisiese kontak met 'n leerling is verbode. Toestemming vir lyfstraf is ongeldig en onafdwingbaar.

12.32.2 'n Opvoeder wat lyfstraf toedien (soos heromskryf in die SASW soos gewysig) op 'n leerder, is ingevolge die Nasionale en Provinsiale wetgewing skuldig aan 'n ernstige misdryf en tree ook ongrondwetlik op.

## 12.33 Skooluitstappies en –toere

12.33.1 Die skool se gedragskode is van toepassing tydens alle uitstappies/ toere/skoolfunksies/skoolaktiwiteite en ander veiligheidsreëlings soos bepaal deur die opvoeder in bevel en/of die volwasse persoon wat 'n betrokke aktiwiteit aanbied.

12.33.2 Leerders mag slegs op 'n uitstappie of toer gaan indien daar 'n toestemmingsbrief en vrywaringsvorm ingehandig is.

## 12.34 Deursoeking en Beslaglegging

(Sien ook artikel 8A van die Skolewet soos gewysig, en ander verwante beleide en GDO riglyne)

12.34.1 **Ewekansige deursoeking en beslaglegging, vir dwelmmiddels en gevaarlike/onwettige voorwerpe/inhoud:**

12.34.1.1 Niemand mag 'n gevaarlike voorwerp of 'n onwettige dwelmmiddel, medikasie van enige aard of enige middel wat toksies is of 'n chemikalieë is op die skoolperseel inbring of sodanige voorwerp of dwelmmiddel op die skoolperseel, of tydens enige skoolaktiwiteit, in sy of haar besit hê nie, tensy die Skoolhoof dit vir wettige opvoedkundige doeleindes gemagtig het.

12.34.1.2 Die Skoolhoof of sy of haar gedelegeerde mag enige groep leerders, of die eiendom van 'n groep leerders, ewekansig vir enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel/voorwerp/inhoud deursoek, indien 'n regverdige en redelike vermoede vasgestel is. Sien Bylaag H vir die prosedure in die verband.

## 12.35 Veilige bewaring van gekonfiskeerde items en items waarop beslag gelê is

Sodra onwettige items wat aan 'n leerder behoort of in die leerder se besit gevind word of in die leerder se besit / tas / sluitkassie gevind is, word dit gekonfiskeer, gefotografeer of met video afgeneem word met toepaslike kommentaar. Sien Bylaag H vir konfiskasieprosedure.

## 12.36 Monitering van leerders en ander persone d.m.v. GTK-opnames (Geslote kanaal / CCTV *closed-circuit television)*

12.36.1 Die skool mag die hele skoolterrein en alle geboue en lokale (binneruimte van kleedkamers uitgesluit) heeltyd (24/7) moniteer deur middel van GTK.

12.36.2 Die kameras word hoofsaaklik aangebring om enige vorm van ongewenste of ongedissiplineerde gedrag so ver moontlik te bekamp of te verhoed, en sodoende die lewensgehalte van alle persone op die terrein van die skool te verbeter, aangesien geen vorm van bedreiging van 'n persoon, persone of eiendom op die terrein onder enige omstandighede toegelaat sal word nie.

12.36.3 Die skool is daarop geregtig om alle leerderaktiwiteite by die skool, op enige plek op die skoolterrein, enige fasiliteit, voertuig of perseel en/of fasiliteite van kliënte van die skool te moniteer, daarom mag daar nie met veiligheidskameras/GTK-installasies gepeuter word nie of die lyn van sig gewysig word sonder die Hoof se toestemming nie.

12.36.4 Monitering mag uitgevoer word deur persoonlike waarneming, toesighoudings toerusting, GTK toesig.

12.36.5 Dit word spesifiek opgeteken in die Gedragskode dat leerders daarvan in kennis gestel is en bewus is daarvan dat sulke monitering plaasvind.

12.36.6 Alle monitering ingevolge die gedragskode en verwante beleide is noodsaaklik en noodsaaklik vir die bedryfsvereistes van die skool en om die skool te beskerm teen onregmatige optredes/aktiwiteite, verliese, diefstal en enige ander vorm van skade.

12.36.7 Enige beeldmateriaal, klankopname, inligting of getuienis of dokumente wat deur die skool verkry of verkry is deur toesig oor aktiwiteite, kan gebruik word as getuienis teen enige leerder in enige verrigtinge, hetsy intern in die skool of in enige tribunaal, forum of hof, maar dit sal vertroulik bly en mag nie aan 'n buiteparty en of selfs aan enige ouer/leerder vrygestel word sonder 'n hofbevel of ’n polisie lasbrief nie. In geval van ‘n dissiplinêre verhoor kan die ouer(s) en/of voog(de) van die leerder(s) die inhoud ter insae besigtig, maar dit sal nie aan hulle oorhandig of gekopieër word sonder sodanige hofbevel of polisie lasbrief nie.

## 13 DISSIPLINêRE PROSES

### 13.1 Privaatheid / Vertroulikheid

13.1.1 Die skool/BL sal die privaatheid van ‘n klaer, die individu (s) teen wie ‘n klag ingedien word, en die getuies soveel as moontlik respekteer en beskerm, in ooreenstemming met die wetlike verpligtinge van die skool om ondersoeke in te stel, toepaslike stappe te neem en te voldoen aan enige blootlegging en/of openbaarmakingsverpligtinge ingevolge die Gedragskode. Alle rekords (papier en elektronie) wat gegenereer word en dissiplinêre verhore wat gehou word onder die bepalings van die Gedragskode en verwante wetgewing en beleide en reëls en die administratiewe prosedures daarvoor, sal as vertroulik bewaar word in die mate wat dit wetlik toegelaat word.

13.1.2 Geen leerder mag weier om hom-/haarself te identifiseer wanneer hy/sy versoek word deur die Skoolhoof, ‘n opvoeder, ‘n lid van die beheerliggaam en/of ‘n lid van die personeel om dit te doen nie.

### 13.2 Dissiplinêre verhoor

13.2.1 **Leerders Se Regte Tydens Enige Dissiplinêre Proses**
Indien ‘n leerder van ‘n ernstige oortreding aangekla word wat lei tot ’n dissiplinêre verhoor het hy/sy die reg:

a. Om voor die Dissiplinêre Komitee te verskyn om sy/haar saak te stel gedurende dissiplinêre verrigtinge bygestaan te word deur ’n volwasse persoon.
b. Om ’n skriftelike verklaring vooraf af te lê by die Hoof/dissipline Hoof/Adjunkhoof indien dit ’n seniorleerder is.
c. Om in voldoende besonderhede van die beskuldiging/aanklag verwittig te word en dat die klagte soos vervat in die klagstaat, aan hom/haar deur die Adjunkhoof/Dissiplinehoof/ Skoolhoof te verduidelik word sodat hy/sy die klagte en ten volle te verstaan voor die dissiplinêre verhoor ’n aanvang neem en/of die leerder se skorsing (indien van toepassing) in beginin afwagting van die verhoor.
d. Om skriftelik ingelig te word van die datum, tyd, plek van die dissiplinêre verhoor.
e. Om deur die Skoolhoof of sy gedelegeerde oor sy of haar regte ingelig te word ingevolge die gedragskode in die teenwoordigheid van ’n ouer ander volwasse persoon van sy/haar keuse.
f. Genoeg tyd te hê om ‘n verweer voor te berei, maar nie langer as 7 skooldae nie.
g. ’n Snelle proses sonder enige onredelike vertragings.
h. Dat die besonderhede wat in die verhoor openbaar gemaak word uiters vertroulik sal wees en die verhoor *in camera* sal plaasvind.
i. Om getuies te roep en getuies tydens die verrigtinge te ondervra en om bygestaan te word deur ‘n een of albei van sy of haar ouers of voog of ’n ander volwasse persoon wat deur die ouer(s) daartoe skriftelik gemagtig is indien die klag van so ‘n aard is dat dit mag lei tot skorsing, met dien verstande dat geen ander persoon die leerder mag verteenwoordig nie, tensy die beheerliggaam geregverdigde betoog kan lewer waarom die saak moet voortgaan in die afwesigheid van die ouer(s) of ’n persoon deur die ouers gemagtig. (Sien artikel 8(6) van die Skolewet)
j. Om onskuldig geag te word, te swyg, en nie gedurende verrigtinge te getuig of verklarings te maak nie.
k. Om nie self-inkriminerende getuienis af te lê of verklarings te maak nie.
l. Om getuies te roep en getuies te ondervra.

m. Om van die uitslag van die bevindinge van die dissiplinêre komitee op skrif voorsien te word asook van die sanksie en die redes vir die sanksie opgelê.
n. Om appèl aan te teken by die voorsitter van die beheerliggaam/Appélkomitee van die BL
o. By die DepartementsHoof, indien dit 'n aanbeveling is vir uitsetting nadat na skuldigbevinding, indien die klag van so 'n aard is dat dit tot skorsing gelei het, moet die appèl ingevolge die regulasies wat deur die Gauteng Departement van Onderwys uitgereik is, geskied.
p. Om te versoek dat een of albei ouers of voog of 'n persoon deur die ouers gemagtig, teenwoordig mag wees om die proses te moniteer tydens die verhoor
q. Insgelyks en omgekeerd het 'n verontregte party ook dieselfde regte.

13.2.2 **Verhoorprosedures**

Die aangeklaagde leerder en sy/haar ouer(s) se aandag word op die volgende gevestig:

a. Dat die aangeklaagde leerder geskors mag word van bywoning van die skool tot en met die tot en met die datum van die verhoor en mag/hy/sy nie sonder die direkte toestemming van die Skoolhoof die skoolterrein of enige lokaal op die skoolterrein betree nie en ook nie kommunikeer met enige leerder nie.
b. Die aangeklaagde leerder is geregtig om op eie onkoste tydens die verrigtinge deur sy/haar ouer(s) of voog (of 'n ander volwassene van sy/haar keuse) bygestaan te word tydens die dissiplinêre verhoor.
c. Die aangeklaagde leerder is daarop geregtig om getuies téén hom/haar te ondervra tydens die dissiplinêre verhoor.
d. Die aangeklaagde leerder is daarop geregtig om self te getuig en getuies te roep om namens hom/haar te getuig en bewyse aan die komitee voor te lê, tydens die dissiplinêre verhoor.
e. Omdat die dissiplinêre komitee se verrigtinge 'n administratiewe tribunaal is, is die aangeklaagde leerder en sy/haar ouer(s)/verteenwoordiger nie geregtig daarop om van enige bewysstuk oor die saak teen hom/haar voor die dissiplinêre komitee voorsien te word nie.
f. Dit is die aangeklaagde leerder en sy/haar ouer(s) verantwoordelikheid om toe te sien dat getuies wat hy/sy wil roep, by die tydens die dissiplinêre verhoor se verrigtinge teenwoordig is en teenwoordig bly vir solank as wat hulle teenwoordigheid vereis word.
g. Die aangeklaagde leerder sal daarop geregtig wees om die komitee oor enige aangeleentheid met betrekking tot die verrigtinge toe te spreek, om getuienis te versagting voor die oplegging van 'n sanksie aan die komitee voor te lê en die dissiplinêre komitee daaroor toe te spreek.
h. Indien die aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouer(s)/verteenwoordiger versuim om die verrigtinge by te woon of tot die afhandeling van die verhoor teenwoordig te bly, en sonder goeie rede (waarvan die finale beslissing by die komitee berus) versoek dat die verhoor gestaak word en op 'n latere datum hervat word, sal die dissiplinêre verhoor in die afwesigheid van die aangeklaagde leerder en/of sy haar ouers/verteenwoordiger voortgesit en afgehandel word en sal dit nie die verrigtinge en besluite van die dissiplinêre verhoor ongeldig maak nie.
i. Die aangeklaagde leerder moet die dissiplinêre verhoor in die korrekte skooldrag by woon.
j. Indien nodig, is die aangeklaagde leerder geregtig op 'n tolk maar dan moet die Skoolhoof [verkieslik] 72 uur voor die aanvang van die verhoor dienooreenkomstig in kennis gestel te word sodat 'n tolk gereël kan word.
k. Die voorsitter van die komitee mag binne 5 skooldae op 'n datum en tyd soos ooreen gekom met die aangeklaagde leerder en sy/haar ouer(s)/ verteenwoordiger na afloop van die verhoor, die bevindinge van die komitee op skrif, met redes vir die uitspraak, bekend maak aan die skool en die aangeklaagde leerder en sy haar our(s)/verteenwoordiger. Indien die aangeklaagde leerder skuldig bevind word sal die sanksie wat aan die aangeklaagde leerder opgelê word, dan ook bekend gemaak.
l. Die aangeklaagde leerder is geregtig om binne 5 skooldae na ontvangs van die uitspraak van die komitee, appél aan te teken by die interne appél komitee van die beheerliggaam nadat die bevindings van die dissiplinêre komitee aan hom/haar bekend gemaak is.
m. Die verrigtinge van die dissiplinêre verhoor sal elektronies opgeneem word en ook genotuleer word die notule en bevindings van die komitee is die enigste amptelike rekord van die verhoor.
n. Die aangeklaagde leerder moet kennis neem dat 'n aanbevole sanksie van tydelike skorsing en/of permanente uitsetting of enige ander wettige sanksie aan hom/haar deur die dissiplinêre komitee opgelê kan word.

o. Die aangeklaagde leerder het nie ‘n outomatiese reg op regsverteenwoordiging of om deur ‘n regsverteenwoordiger te vergesel te word nie. Indien aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouers versoek dat die aangeklaagde leerder deur ‘n regsverteenwoordiger vergesel moet word is die persoon slegs daar in locop parentis en nie as ‘n regsverteenwoordiger nie.
p. Dit is nie nodig vir die dissiplinêre komitee om bo alle twyfel en met absolute sekerheid te bewys dat ‘n aangeklaagde leerder skuldig van ’n oortreding is nie. Dit is nie ‘n hofsaak of kriminele ondersoek nie en hoef daar slegs op ‘n balans van waarskynlikheid bewys deur die dissiplinêre komitee bevind word dat die aangeklaagde leerder skuldig is van die beweerde wangedrag/ oortreding.
q. Die prosedure van die dissiplinêre verhoor sal deur die voorsitter van die dissiplinêre komitee voor die aanvang van die verhoor aan alle teenwoordiges verduidelik word.
r. Indien die aangeklaagdeleerder verdere beweerde wangedrag begaan nadat die klagstaat uitgereik is, kan die ander beweerde wangedrag in ‘n addisionele klagstaat by die bestaande beweerde klagtes bygevoeg word en/of as verswarende omstandighede in ag geneem word deur die dissiplinêre komitee.
s. Die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee en die Hoof sal verseker dat alle partye in die dissiplinêre proses menswaardig en met die nodige respek behandel word.
t. Geen vorm van uitbuiting, intimidasie, teistering en afdreiging van enige party of getuie of die beskuldigde voor, tydens en na afloop van die verhoor mag voorkom nie. Indien dit ‘n volwasse persoon of ouer is het die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee of die Skoolhoof die reg om sodanige persoon die skoolterrein en sitting tydens die verrigtinge te belet of die verrigtinge te verdaag sodat die saak met die persoon bespreek kan word en hy/sy daarop gewys kan word dat hulle optrede nie in belang van enige persoon betrokke by die verrigtinge is nie.
u. Ingevolge artikel 8(6) van SASW moet 'n Leerder moet by dissiplinêre verrigtinge deur sy of haar ouer of 'n persoon deur die ouer aangewys vergesel word, tensy afdoende redes deur die beheerliggaam aangevoer kan word vir die voortsetting van die verrigtinge in die afwesigheid van die ouer of die persoon deur die ouer aangewys. Geen ander persone behalwe bogenoemde mag die leerder vergesel nie.
v. Die ouderdom en die verstandelike vlak van ontwikkeling van dieaangeklaagde leerder en ander leerders betrokke kan in ag geneem word gedurende die proses

### 13.3 **Die Audi-Alterem Partem Reël**

13.3.1 Die dissiplinêre verhoorproses is daar om die korrekte feite vas te stel deurdie toepassing van die audi alterem partem reël – die reg van alle partye om aangehoor te word.

13.3.2 Die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee en die Skoolhoof of sy gemagtigde moet sorg dra dat die audi-alterem partem reël (tydens alle dissiplinêre optredes eerbiedig word en dat die regte van alle partye erken, beskerm en eerbiedig word.

### 13.4 **Kollektiewe Misdrywe en die Dissiplinêre Verhoor**

Die dissiplinêre optrede soos in hierdie en verwante beleide en gedragsreëls van die skool omskryf, is hoofsaaklik van toepassing op individuele leerders.

a. Bewerings van misdrywe of oortreding van die gedragskode en –reëls deur ‘n groep of groepe leerders waar soortgelyke oortredings begaan is vorm deel van kollektiewe of gesamentlike misdrywe.
b. Kollektiewe misdryf/misdrywe mag op ‘n kollektiewe basis hanteer word. ‘n Enkele ondersoek en dissiplinêre verhoor mag gehou word onderhewig aan die beginsels hierbo vermeld, en mag deur die skool se dissiplinêre komitee binne konteks aangepas waar dit nodig mag blyk.
c. In ‘n kollektiewe dissiplinêre verhoor sal individuele leerders die kans gegun word om hulle saak te stel of getuienis te lewer voor die dissiplinêre komitee van die skool of getuienis te aan te bied waarom hulle saak verskil van die ander leerders in die groep of groepe.
d. Die skool behou die reg voor om individuele of kollektiewe gedragsprosedures toe te pas waar dit onder omstandighede as gepas geag word.

### 13.5 **Die Dissiplinêre Verhoorproses**

13.5.1 Kennisgewing/Klagstaat van die verhoor

i. Die aanklaer stel ’n klagstaat op, en die ouers en leerder ontvang skriftelik kennis van die klag en die plek, datum en tyd van die verhoor. Hierdie reëlings word deur die dissipline Hoof/Adjunkhoof/ondersoeker in oorleg met die dissiplinêre komitee getref.

ii. Die klagstaat moet genoegsame inligting en besonderhede oor die datum, plek en aard van die beweerde oortreding(s) uiteensit sodat die leerder(s) die besonderhede van die aanklag(te) van die beweerde wangedrag wat die aangeklaagde leerder blykbaar gepleeg het, teen hom/haar verstaan, die besondere insidente kan identifiseer, sodat hy/sy in 'n posisie is om op die klagtes tydens die verhoor te antwoord en hom/haarself te kan verdedig.

iii. Indien die aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouer(s) weier om ontvangs te erken en vir die klagstaat te teken, moet die getuie en die persoon wat die klagstaat aan die aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouer(s) oorhandig, op die afskrif van die klagstaat die tyd en datum skriftelik aanteken en daarby teken met hulle name daarby, wat beteken dat die klagstaat aan die leerder en/of sy/haar ouer(s) oorhandig is/getoon is en dat hy/sy weier om daarvoor te teken of dit in ontvangs te neem. Daarom is dit ook raadsaam om ook die klagstaat en kennisgewing van die verhoor aan die ouer/voog van die leerder te stuur per epos/faks of selfs persoonlik te laat aflewer of 'n SMS te stuur dat die ouer welkom is om die klagstaat by die skool in ontvangs te neem.

iv. Minstens vyf skooldae moet tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die verhoor verloop.

v. Dit is aanvaarbaar dat briewe en kennisgewings óók aan ouers en leerders per epos en/of per faks bedien word indien briewe/kennisgewings nie op 'n ander manier bedien kan word nie.

vi. Ingevolge artikel 9 van Die Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)en die regulasies soos uitgevaardig deur die Gauteng Departement van Onderwys, staan die proses van tydelike skorsing van 'n aangeklaagde leerder totdat 'n verhoor plaasvind, onder die beheer van die Skoolhoof.

13.5.2 Die aangeklaagde leerder en sy/haar ouer(s) se aandag moet op die volgende aspekte rondom die saak gevestig word tydens die oorhandiging van die klagstaat of die ouer-onderhou daaroor:

i. Dat die aangeklaagde leerder geskors mag word van bywoning van die skool tot en met die tot en met die datum van die verhoor en mag/hy/sy nie sonder die direkte toestemming van die Skoolhoof die skoolterrein of enige lokaal op die skoolterrein betree nie en ook nie kommunikeer met enige leerder nie.

ii. Die aangeklaagde leerder is geregtig om op eie onkoste tydens die verrigtinge deur sy/haar ouer(s) of voog (of 'n ander volwassene van sy/haar keuse) bygestaan te word tydens die dissiplinêre verhoor.

iii. Die aangeklaagde leerder en/of sy haar ouer/die persoon wat hom/haar vergesel, is daarop geregtig om getuies téén hom/haar te ondervra tydens die dissiplinêre verhoor.

iv. Die aangeklaagde leerder en/of sy haar ouer/die persoon wat hom/haar vergesel, is daarop geregtig om self te getuig en getuies te roep om namens hom/haar te getuig en bewyse aan die komitee voor te lê, tydens die dissiplinêre verhoor.

v. Omdat die dissiplinêre komitee se verrigtinge 'n administratiewe tribunaal is, is die aangeklaagde leerder en sy/haar ouer(s)/verteenwoordiger nie geregtig daarop om vooraf van enige bewysstuk oor die saak teen hom/haar voor die dissiplinêre komitee voorsien te word nie, slegs die klagstaat/kennisgewing van die verhoor.

vi. Dit is die aangeklaagde leerder en sy/haar ouer(s) se verantwoordelikheid om toe te sien dat getuies wat hy/sy wil roep, by die tydens die dissiplinêre verhoor se verrigtinge teenwoordig is en teenwoordig bly vir solank as wat hulle teenwoordigheid vereis word.

vii. Die aangeklaagde leerder en/of sy haar ouer/die persoon wat hom/haar vergesel, sal daarop geregtig wees om die komitee oor enige aangeleentheid met betrekking tot die verrigtinge toe te spreek, om getuienis te versagting voor die oplegging van 'n sanksie aan die komitee voor te lê en die dissiplinêre komitee daaroor toe te spreek.

viii. Indien die aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouer(s)/verteenwoordiger versuim om die verrigtinge by te woon of tot die afhandeling van die verhoor teenwoordig te bly, en sonder goeie rede (waarvan die finale beslissing by die komitee berus) versoek dat die verhoor gestaak word en op 'n latere datum hervat word, sal die dissiplinêre verhoor in die afwesigheid van die aangeklaagde leerder en/of sy haar ouers/verteenwoordiger voortgesit en afgehandel word en sal dit nie die verrigtinge en besluite van die dissiplinêre verhoor ongeldig maak nie.

ix. Die aangeklaagde leerder moet die dissiplinêre verhoor in die korrekte skooldrag by woon.

x. Indien nodig, is die aangeklaagde leerder geregtig op ‘n tolk maar dan moet die Skoolhoof [verkieslik] 72 uur voor die aanvang van die verhoor dienooreenkomstig in kennis gestel te word sodat ‘n tolk gereël kan word.

xi. Die voorsitter van die komitee mag binne 5 skooldae op ‘n datum en tyd soos ooreen gekom met die aangeklaagde leerder en sy/haar ouer(s)/ verteenwoordiger na afloop van die verhoor, die bevindinge van die komitee op skrif, met redes vir die uitspraak, bekend maak aan die skool en die aangeklaagde leerder en sy haar ouer(s)/verteenwoordiger. Indien die aangeklaagde leerder skuldig bevind word sal die sanksie wat aan die aangeklaagde leerder opgelê word, dan ook bekend gemaak.

xii. Die aangeklaagde leerder is geregtig om binne 5 skooldae na ontvangs van die uitspraak van die komitee, appél aan te teken by die interne appél komitee van die beheerliggaam nadat die bevindings van die dissiplinêre komitee aan hom/haar bekend gemaak is.

xiii. Die verrigtinge van die dissiplinêre verhoor sal elektronies opgeneem word en ook genotuleer word.

xiv. Die aangeklaagde leerder mag in kennis gestel word dat ‘n aanbevole sanksie van tydelike skorsing en/of permanente uitsetting aan hom/haar deur die dissiplinêre komitee opgelê kan word.

xv. Die aangeklaagde leerder het nie ‘n outomatiese reg op regsverteenwoordiging of om deur ‘n regsverteenwoordiger te vergesel te word nie. Indien aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouers versoek dat die aangeklaagde leerder deur ‘n regsverteenwoordiger vergesel moet word, word moet die ouer dan buite die verhoor bly, maar die versoek is onderhewig aan ‘n finale beslissing van die voorsitter van die dissiplinêre verhoor.

xvi. Dit is nie nodig vir die dissiplinêre komitee om bo alle twyfel en met absolute sekerheid te bewys dat ‘n aangeklaagde leerder skuldig van ’n oortreding is nie. Dit is nie ‘n hofsaak of kriminele ondersoek nie en hoef daar slegs op ‘n balans van waarskynlikheid bewys deur die dissiplinêre komitee bevind word dat die aangeklaagde leerder skuldig is van die beweerde wangedrag/ oortreding.

xvii. Die prosedure van die dissiplinêre verhoor sal deur die voorsitter van die dissiplinêre komitee voor die aanvang van die verhoor aan alle teenwoordiges verduidelik word.

xviii. Indien die aangeklaagde verdere beweerde wangedrag begaan nadat die klagstaat uitgereik is, kan die ander beweerde wangedrag in ‘n addsionele klagstaat by die bestaande beweerde klagtes bygevoeg word en/of as verswarende omstandighede in ag geneem word deur die dissiplinêre komitee.

13.5.3 Indien die aangeklaagde leerder en/of sy/haar ouers of voog en/of verteenwoordiger ondanks behoorlike kennisgewing sonder enige geldige rede afwesig is, kan die verhoor in hul afwesigheid voortgaan en mag die Dissiplinêre Komitee ‘n besluit neem oor skuldigbevinding en/of ‘n gepaste sanksie.

13.5.4 Die aangeklaagde leerder en die aanklaer sal ’n geleentheid gebied word om getuienis aan te bied en/of vertoë te rig oor versagtende en verswarende omstandighede wat die komitee in ag moet neem ten einde ’n gepaste sanksie op te lê.

13.6 **Samestelling/Aanstelling van die Dissiplinêre Komitee en Bevoegdhede**

13.6.1 Die beheerliggaam stel die dissiplinêre komitee aan. Die voorsitter van die komitee moet ’n lid van die beheerliggaam wees of ‘n gekoöpteerde lid wat kwalifiseer om ‘n lid of gekoöpteerde lid van die SBL en/of sy komitees te wees.

13.6.2 Die dissiplinêre komitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor namens die beheerliggaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die beheerliggaam self gedoen is, en sal geregtig wees om alles te doen wat die beheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwinging van enige sanksiemaatreël en die aanbeveling van uitsetting by die DH.

13.6.3 Hierdie oordrag van bevoegdheid belet egter nie die beheerliggaam om sodanige bevoegdhede self uit te oefen nie. ‘n Besluit van die Dissiplinêre komitee word dus geag ‘n besluit van die SBL te wees.

13.6.4 Die Dissiplinêre Komitee mag slegs die gesag uitoefen waarvoor dit saamgestel is binne die raamwerk van die skool se beleide en die wetgewing wat op die skool van betrekking is. Die magte van die komitee mag nie vir bedekte redes gebruik word nie.

13.6.5 Die Dissiplinêre Komitee is ‘n administratiewe tribunaal met die uiteindelike oogmerk van opvoeding en rehabilitasie van leerders en die verrigtinge vind plaas ingevolge die administratiewe reg en is nie ‘n “mini hofsaak” nie.

13.6.6 In die algemeen is administratiewe tribunale nie gebonde aan die “streng” bewysreëls soos nodig in howe nie, en kan hulle spoedig ‘n besluit neem met inagneming van die bewyse en

getuienis wat aan hulle voorgehou word. Maar die minimum standaarde van bewyse moet nagekom word as geregtigheid moet geskied want administratiewe tribunale is onderhewig aan die reël van 'n **oorwig van waarskynlikhede** nadat alle getuienis in ag geneem is.

13.6.7 Alle dissiplinêre verhore en die dissiplinêre prosesse van die skool moet geskied ingevolge die beginsels van administratiewe geregtigheid. Sentraal tot die dissiplinêre verhoor is die finale besluit wat die komitee moet neem binne die wetlike raamwerk van hulle taakopdrag wat voortspruit uit verskeie stukke wetgewing wat die dissplinêre proses van die skool reël.

### 13.7 Rekord van die Verhoor en Elektroniese Opnames van die Verrigtinge

13.7.1 Die Beheerliggaam moet behoorlik van die dissiplinêre verrigtinge rekord hou. Vir hierdie doel kan die beheerliggaam 'n persoon aanwys om die verrigtinge te notuleer of elektronies op te neem via diktafoon of klankopname. Sodanige persoon is nie 'n lid van die dissiplinêre komitee nie.

13.7.2 Die verhoor mag opgeneem word in klank en beeld maar waar nodig moet die gesigte van die aangeklaagde leerders en ander getuies nie gewys word nie. Die elektroniese rekord moet gerugsteun word indien daar enige verdere hofsake en/of handelinge en navrae van die Departement of ander partye mag wees.

13.7.3 Die komitee mag van telefoniese oproepe gebruik maak waar getuies nie beskikbaar is om in persoon te getuig nie en/of waar 'n tussenganger gebruik word deur 'n getuie om sy/haar identiteit te beskerm of weens ander redes wat deur die komitee as legitieme redes aanvaar word.

13.7.4 Die komitee mag van videokonferensie oproepe gebruik maak waar getuies nie beskikbaar is om in persoon te getuig nie en/of waar 'n tussenganger gebruik word deur 'n getuie om sy/haar identiteit te beskerm of weens ander redes wat deur die komitee as legitieme redes aanvaar word.

13.7.5 Die aangeklaagde leerder/leerder wat as 'n getuie geroep word moet deur 'n ander volwasse persoon vergesel word na die verhoor

### 13.8 Aanstelling van 'n Tussenganger vir Leerdergetuies Tydens 'n Verhoor

13.8.1 Indien enige dissiplinêre verrigtinge hangend is voor die Dissiplinêre Komitee en dit blyk dat enige getuie onder die ouderdom van 18 aan oormatige geestelike stres of lyding sal blootstel indien hy/sy voor die Komitee sou getuig, mag die beheerliggaam of die komitee, indien dit haalbaar is, 'n bevoegde persoon aanwys om as tussenganger op te tree en deur bemiddeling van die tussenganger sy/haar getuienis te lewer.

13.8.2 Geen ondervraging en/of kruisondervraging van sodanige getuie mag direk gedoen word nie maar moet deur die bemiddeling van die tussenganger geskied.

13.8.3 Indien die beheerliggaam of die komitee 'n tussenganger aanwys, mag die beheerliggaam of komitee opdrag gee dat die getuie sy/haar getuienis lewer by enige plek wat:

i. Informeel ingerig is om die getuie op sy/haar gemak te plaas.
ii. Op so manier ingerig is dat enige persoon wie se teenwoordigheid die getuie mag ontstel, buite sig en hoorafstand is van die getuie.
iii. Die beheerliggaam en/of komitee in enige ander persoon wie se teenwoordigheid nodig is vir die verrigtinge in staat stel om die getuie en/of tussenganger te kan hoor deur middel van die gebruik van enige elektroniese of ander toerusting gedurende die aflegging van die getuie se getuienis (Artikel 8(9) van die Skolewet).

### 13.9 'n Pleit-en-vonnis-ooreenkoms

Die aangeklaagde leerder kan die dissiplinêre prosedure verkort deur 'n pleit-en-vonnis-ooreenkoms met die aanklaer te sluit. Sodanige ooreenkoms moet deur die dissiplinêre komitee bekragtig word alvorens dit afdwingbaar is en sanksie uitspreek.

### 13.10 Ondersteuning, Advies, Berading, Sielkundige/maatskaplike verslag van 'n aangeklaagde leerder

13.10.1 Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die Skoolhoof of die Beheerliggaam aangewys is, met dien verstande dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag vergesel tensy die ouer van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.

13.10.2 Die Voorsitter van Dissiplinêre Komitee of die Skoolhoof het die reg om 'n sielkundige evaluering of maatskaplike evaluering van 'n leerder aan te vra voordat straf of sanksie toegewys word.

13.10.3 Die Voorsitter van die Appélkomitee het ook die reg om 'n sielkundige evaluering of maatskaplike evaluering aan te vra oor 'n aangeklaagde leerder indien so 'n verslag nie deur die persone hierbo genoem aangevra en oorweeg is nie.

13.11 **Die Verhoor moet Billik en Regverdig Wees**
Die verhoor moet billik en regverdig wees, en sal volgens die voorskrifte en prosedure van die toepaslike provinsiale wetgewing geskied. Die aanklaer en leerder (of die leerder se ouer/persoon wat hom/haar vergesel, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om die leerder se saak te stel, kan vrae aan getuies stel, kan getuies roep, en kan dokumente en bewyse wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê binne die administratiewe tribunaal stelsel.

13.12 **Die Aanklaer/Getuienisleier van die Skool**
Die aanklaer van die skool sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis aan te vra, vrae aan getuies te stel, en kan dokumente en bewyse wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê binne die administratiewe tribunaal stelsel.

13.13 **Die verhoor geskied *In Camera***
Die hele verhoor se verrigting is hoogs vertroulik en geskied *in camera* en geen persoon wat nie by die verhoor betrokke is nie sal toegelaat word nie. Nadat getuies ondervra is word hulle verskoon en moet die voorsitter hom/haar vermaan dat hy/sy geen persoon mag inlig oor die vrae wat gestel is, enige bewyse wat voorgelê is of enige getuienis wat gelewer is nie.

13.14 **Verdere Ondersoeke deur die Komitee Gelas**
Die Dissiplinêre Komitee mag enige aspek wat betrekking het op die saak verder laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.

13.15 **Finale Bevindings van die Komitee**

13.15.1 Nadat die getuienis aangehoor is, neem die komitee 'n besluit oor die leerder se skuld of onskuld gebaseer op die waarskynlikheidsbeginsel. Vir doeleindes hiervan, of vir doeleindes van 'n beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge ontstaan, sal die komitee geregtig wees om vir 'n redelike tydperk te verdaag ten einde sy beslissing te oorweeg. Sodanige oorweging sal agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

13.15.2 Die komitee moet binne skooldae sy bevindings op skrif bekend maak aan die leerder en sy/haar ouers.

13.15.3 Faktore wat in ag geneem moet word by oorweging van die mees toepaslike sanksie:

i. Ouderdom en ontwikkelingsfase ('n 8-jarige en 'n 15-jarige kan nie dieselfde hanteer word nie).
ii. Houding t.o.v. skoolwerk en mede-leerders.
iii. Dissiplinêre rekord en bereidheid tot verandering.
iv. Die leerder se redes vir die oortreding.
v. Die leerder se berou en gewilligheid om die oortreding reg te stel. (Alhoewel hierdie aspek 'n subjektiewe siening van die dissiplinêre komitee mag wees).
vi. Tipe oortreding en die omvang daarvan.
vii. Relevante omstandighede.
viii. Die effek/impak wat die oortreding op ander [lewens en omstandighede] gehad het.
ix. Die frekwensie/herhalende aard van die oortredings.
x. Die omvang van skade en verlies veroorsaak deur die [aangeklaagde] leerder(s) se optrede.
xi. Die belange van al die ander leerders in die skoolgemeenskap vs die belange van die aangeklaagde leerder.

## 14 WANGEDRAG INGEVOLGE KENNISGEWING 6903 VAN 2000, SOOS GEWYSIG

14.1 Vir doeleindes van die gedragskode word daar onderskei tussen **algemene wangedrag, ernstige wangedrag** (Skedule 1) **en uiterse ernstige wangedrag** (Skedule 2).

14.1.1 **Algemene wangedrag:** Alhoewel nie daartoe beperk nie, word optrede en versuim van leerders waarvoor debiete volgens die Handel-en-Wandelstelsel toegeken kan word, as algemene wangedrag beskou tensy dit ook onder ondergemelde wangedrag gemeld word. Vir doeleindes van Bylaag B, word krediete en debiete teen mekaar verreken slegs vir bepaling of verpligte studieklasse tydens die eksamen bygewoon moet word of nie.

14.1.2 **Skedule 1 Oortreding:**

'n Leerder sal skuldig wees aan baie ernstige of werklike ernstige wangedrag indien hy of sy, opsetlik en sonder regverdige verskoning-

a) die onderrig- of leerproses in 'n klas ernstig bedreig, ontwrig of frustreer;
b) aan 'n sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die skool deur middel van kollektiewe optrede te ontwrig;
c) in besit van enige pornografiese materiaal gevind word, of sodanige materiaal versprei;
d) positief toets vir die gebruik van enige tipe opkikkers of daarmee handeldryf, dit versprei of besit;
e) rook en of in besit is van tabakprodukte – ook e-sigarette en 'n aansteker en ander verwante produkte; vape
f) die menswaardigheid van 'n leerder of enige ander persoon aantas of belaster, wat ook enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme, xenofobie of ander anti-sosiale gedrag insluit;
g) in die besit van enige toets- of eksamenmateriaal is wat enige persoon in staat kan stel om 'n onbillike voordeel in 'n toets of eksamen te verkry, of sodanige materiaal versprei;
h) n 'n toets of eksamen of enige ander vorm van assessering soos werkopdragte, kul of die intensie het om te kul;
i) op enige wyse onwelvoeglik in die openbaar optree;
j) enige ander persoon seksueel teister of lastig val deur onwelkome attensies en/of aanraking;
k) onder die invloed van alkohol is, of alkohol besit, of alkohol versprei;
l) ander leerder(s) boelie, intimideer en/of viktimiseer deur fisiese of verbale afknouery;
m) die maksimum voorgeskrewe debiete van 1200 volgens die Handel-en-Wandelstelsel behaal (-1200);
n) enige poging, sameswering, uitlokking of hulpverlening om ernstige wangedrag soos hierbo of andersins wat na die mening van die Hoof as ernstige wangedrag geklassifiseer kan word, te pleeg, beplan om dit te pleeg of ander aanhits om dit te pleeg.
o) Die Skoollied of Volkslied disrespekvol sing, uitbeeld of onaanvaarbare gebare en lyfbewegings maak.
p) Ander leerders (persone) in 'n negatiewe lig stel deur kuberbullebakkery op die elektroniese en die sosiale netwerke as daar 'n direkte verbintenis met die skool is.

14.1.3 **Skedule 2 Oortredings:**

'n Leerder sal aan uiters ernstige skedule 2 wangedrag skuldig wees indien hy of sy:

a) skuldig bevind word aan ernstige wangedrag (Skedule 1), nadat hy of sy reeds by twee vorige geleenthede aan dieselfde of soortgelyke ernstige wangedrag skuldig bevind is;
b) versuim om aan skorsing as korrektiewe maatreël te voldoen; of
c) opsetlik en sonder 'n geldige verskoning:
   i. enige dokument of handtekening vervals tot werklike of potensiële nadeel van die skool;
   i. handel dryf met enige toets- of eksamenvraestel of enige toets- of eksamenmateriaal;
   ii. enige persoon omkoop of probeer omkoop ten opsigte van enige toets of eksamen, om homself of haarself of 'n ander persoon in staat te stel om 'n onregverdige voordeel daardeur te verkry;
   iii. hom of haar aan bedrog skuldig maak;
   iv. hom of haar aan diefstal skuldig maak, of andersins tot nadeel van 'n ander persoon oneerlik optree;
   v. enige persoon te beroof of ander aanhits om enige persoon te beroof;
   vi. in besit van enige pornografiese materiaal te wees of sodanige materiaal versprei - ook elektronies;
d) indien 'n ander leerder, personeellid of nie onderwyspersoneellid ernstig geviktimiseer, geïntimideer of afgepers word;
e) enige onwettige of ander skadelike middel, besit, dit gebruik, dit versprei of daarmee handeldryf.
f) ook op grond van sigbare getuienis, enige narkotiese of ongemagtigde verdowings-middel besit, gebruik, dit versprei of beskikbaar stel;
g) in besit van enige gevaarlike wapen of voorwerp is;
h) skuldig wees aan bullebakkery deur ander leerder(s) voortdurend fisies /verbaal te boelie.
i) enige ander persoon aanrand of dreig om iemand aan te rand;
j) enige persoon as gyselaar aanhou;
k) enige persoon vermoor;

l) enige persoon verkrag of betrokke wees in enige seksuele aktiwiteite wat ‘n misdryf is;
m) enige ander persoon of die skool se eiendom, kwaadwilliglik beskadig;
n) enige poging, sameswering, uitlokking of hulpverlening om ernstige wangedrag soos hier genoem te pleeg of om teenwoordig te wees en dit nie aan te meld nie;
o) enige ander persoon deur kuberbullebakkery, laster (strafregtelike naamskending) of so ‘n persoon se waardigheid aantas (crimen injuria).
p) Die neem van ‘n video en/of foto van mede-leerlinge of personeel sonder toestemming en die plasing en/of verspreiding daarvan op sosiale media tot nadeel van die skool se beeld.
q) aanbring van pornografiese tekeninge op ‘n persoon se liggaam of boeke.

**14.2 Oortredings wat nie spesifiek omskryf is nie**

Die Beheerliggaam en/of die Skoolhoof en/of sy gemagtigde behou die reg voor om dissiplinêre stappe teen enige leerder te neem waar die oortreding nie spesifiek in die gedragkode genoem word nie en wat daarop gemik is om die goeie orde, dissipline en die opvoedingsproses in die skool omver te werp.

**14.3 Kroniese oortreders en ernstige oortredings van die gedragskode en/of kriminele oortredings**

In gevalle waar ‘n leerder baie en/of werklike ernstige of aanhoudend oortredings van ‘n minder ernstige aard begaan, sal dara met ‘n ouer/opvoeder onderhoud gevoer word om die saak in die reine te stel en/of dissiplinêrte stappe te neem wat die leerder en/of ouers onder terme sal plaas ten einde gehoorsaamheid aan die Gedragskode te verseker en/of kan lei tot die betrekking van die SAPD of gebruik van regsprosesse ten einde die gedrag aan te spreek.

**14.4 VerklikkersAanmelding van oortredings/Wangedrag (“Whistle Blowers”)**

14.4.1 Verklikkers/aanmelders se optrede kan voorkom dat ‘n leerder sy of haar se lewe in gevaar stel of in ‘n lae morele toestand verval of die skool se goeie naam en eer (en gevolglik die skoolgemeenskap) in party gevalle onherstelbare skade lei, wat eers na talle jare weer in ere herstel kan word.

14.4.2 Indien ‘n verklikker se naam dus bekend raak, stel hy of sy hom of haar bloot aan intimidasie, teistering, afknouery en dreigemente en selfs afkeur van opvoeders, ouers en verál die ouers van ‘oortreders’ wat verkla is. Daarom moet die identiteit van ’n verklikker ten alle koste beskerm en vertroulik gehou word.

14.4.3 Vertroulikheid moet ten alle koste gehandhaaf word indien verklikkers met inligting na vore kom wat daarop dui dat ernstige oortredings of wandade gepleeg is of leerders beplan om ernstige oortredings te begaan of wandade te pleeg.

14.4.4 Daarom is dit ‘n werklik ernstige oortreding indien iemand ‘n verklikker teister, dreig met enige aksie om sy/haar liggaam of goeie naam te skaad, intimideer, aan rand of beledig in enige opsig.

14.4.5 Aan die ander kant moet die Skoolhoof, opvoeders en leerderleiers daarteen waak dat wraakgierige en valse aantygings nie deur verklikkers gemaak word wat daarop gemik is om enige leerder in ‘n swak lig te stel of om die verklikker se saak te bevoordeel indien hy of sy betrokke is by enige wangedrag ondersoek. Indien bewerings as ongegrond bewys is, is moet die verklikker dienooreenkomstig ingelig word en mag hy/sy addisionele getuienis aanbied of roep om die bewerings te staaf of moet hy/sy gewaarsku word teen die aflegging van valse verklarings of bewerings.

14.4.6 Alle sake wat deur verklikkers aanhanging gemaak word sal eers deur die Skoolhoof of ’n ander persoon deur hom aangewys ondersoek word waarna ’n aanbeveling aan die beheerliggaam gemaak sal word indien die saak van so ’n ernstige aard is dat formele dissiplinêre verrigtinge ingestel moet word.

14.4.7 In alle gevalle mag die verklikker deur sy/haar ouer of ’n ander volwasse persoon wat deur die ouer aangewys is bygestaan word veral as dit mag blyk dat die verklikker ’n ooggetuie was van ’n oortreding en sy haar verklaring daartoe kan lei dat sy/haar identiteit rugbaar mag word en mag hy/sy deur ’n tussenganger getuig indien dit nodig mag blyk in terme van artikel 8(7) en (8) van die Skolewet.

**14.5 Prosedure in verband met wangedrag**
**Aanmelding en hantering van algemene wangedrag**

14.5.1 Indien ‘n leerder hom of haar aan algemene wangedrag skuldig maak, moet dit aan die Graadhoof gerapporteer word, wat verder met die saak moet handel, tensy dié wangedrag in die teenwoordigheid van ‘n opvoeder gepleeg of deur laasgenoemde ontdek word, in welke geval sodanige opvoeder die saak verder kan hanteer. Indien die leerder ‘n redelike verduideliking vir sy/haar optrede of versuim kan gee wat die effek het dat hy/sy nie vir die oortreding blameer kan word nie, is verdere stappe nie nodig nie.

14.5.2 Indien ‘n leerder skuld erken moet ‘n debiet toegeken word op die voorgeskrewe vorm E3, wat deur die opvoeder en leerder onderteken word. Indien die leerder verskil, moet hy wel teken en op die E3 aandui dat hy/sy wil appèl aanteken wat binne 24 uur moet geskied deur die amptelike appèlvorm by die Handel-en-Wandelkantoor te verkry, in te vul en inhandig.

14.5.3 Alle debiete wat ‘n leerder behaal, mondelinge asook skriftelike waarskuwings, en die uitslag van ‘n dissiplinêre verhoor, waar relevant, moet onverwyld aan die skoolkantoor gerapporteer word, sodat dit op ‘n leerder se Handel-en-Wandel- of gedragstaat aangeteken kan word.

14.5.4 Indien die wangedrag egter ‘n gevaarlike situasie veroorsaak, kan die Hoof as tussentydse maatreël om onder andere veiligheid te verseker, onmiddellik by die Beheerliggaam aanbeveel vir die skorsing terwyl dissiplinêre aksie teen die leerder ingestel word vir tot sewe skooldae indien:

a. Sy/haar veiligheid bedreig word;
b. ‘n ernstige bedreiging vir die veiligheid of welstand van ander inhou; of
c. ‘n ondersoek na die beweerde oortreding ernstig benadeel kan word.

14.5.5 Die Dissiplinêre komitee moet prosedureel billik wees en toesien dat administratiewe aksie na behore en volgens vereistes uitgevoer word. Daarom moet die Dissiplinêre Komitee:

14.5.5.1 voldoende kennisgewing aan die leerder en sy ouer(s)/voog(de) skriftelik gee oor die aard, doel en redes vir die voorkomende skorsing;

14.5.5.2 duidelik kennis gee dat ‘n dissiplinêre verhoor binne sewe skooldae na die skorsing, beoog word, of veertien dae later indien nodig en indien goedkeuring van die departementsHoof verkry word;

14.5.5.3 voldoende kennis gee van die reg op hersiening of die leerder mag bygestaan word deur sy/haar ouer en/of ‘n regsverteenwoordiger;

14.5.5.4 die leerder mag getuies roep;

14.5.5.5 alle getuienis mag kruisverhoor word;

14.5.5.6 die dissiplinêre verhoor moet dan verdaag word deur die voorsitter van die dissiplinêre komitee, waarna net die komitee vergader om te besluit oor ‘n gepaste sanksie;

14.5.5.7 die bevinding van die Dissiplinêre Komitee moet skriftelik binne 5 skooldae aan die leerder gegee word sowel as redes vir die bevindings en die sanksie.

14.5.5.8 die leerder en/of sy ouers mag appelleer tot die Appélkomitee van die Beheerliggaam appelleer op die korrekte vorm van die skool, indien die sanksie nie ‘n aanbeveling is vir permanente uitsetting is nie en dan kan ouers eers na die LUR van die Gauteng Departement van Onderwys appelleer nadat die bevinding deur die Hoof van die Departement bekend gemaak is op die voorgeskrewe GDO vorm.

14.5.6 **Aanmelding en ondersoek van ernstige skedule 1 en uiters ernstige skedule 2 wangedrag soos uiteengesit in kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig en in ‘n bylae tot die gedragskode uiteengesit en/of ander herhalende wangedrag of ander gedrag wat na die mening van die Skoolhoof ‘n dissiplinêre verhoor regverdig**.
Indien die leerder skuld op die klag van wangedrag ontken, of verkies om nie op die klag van wangedrag te reageer nie, of tensy ŉ daar nie ŉ redelike verduideliking voorsien kan word wat nie verdere optrede regverdig nie, moet ‘n dissiplinêre verhoor, deur die Beheerliggaam, op die wyse soos in die regulasies voorgeskryf, saamgestel word na aanleiding van ‘n versoek en aanbeveling van die Skoolhoof. Die Dissiplinêre Komitee moet uiteindelik, op ‘n oorwig van waarskynlikhede, beslis of die leerder hom of haar aan wangedrag, soos aangekla, skuldig gemaak het en ‘n bevinding maak en ‘n sanksie bepaal.

14.5.7 **Vorige gevalle van wangedrag**

Vorige gevalle van wangedrag moet altyd by oorweging van 'n gepaste sanksie by wangedrag, deur die dissiplinêre komitee in ag geneem word. Met uitsondering van ernstige wangedrag, moet insidente van algemene wangedrag, na verloop van twaalf (12) maande, bereken vanaf die datum waarop dié wangedrag op die leerder se gedragstaat aangetoon is, vir doeleindes van 'n gepaste sanksie vir daaropvolgende algemene wangedrag, deur die dissiplinêre komitee, buite rekening gelaat word.

## 15 SANKSIES EN ANDER WETLIKE ASPEKTE

15.1 Sanksies moet wettig, regverdig en billik wees.

15.2 Alle wetlike bepalings rakende die Gedragskode en wangedrag, asook amptelike beleid, moet deurgaans deur die skool en elkeen wat met die toepassing daarvan gemoeid is, nagekom word.

15.3 Die sanksies soos uiteengesit in hierdie gedragskode (bv. debiete, waarskuwings, korrektiewe klasse, verhore, korrektiewe gesprekke, ouervergaderings, skorsings) is nie beperkend nie, en die skool behou die reg voor om enige ander billike en toepaslike straf toe te pas wat deur die Skoolhoof, as verteenwoordiger van die Beheerliggaam, skriftelike bekragtig word.

15.4 Sosiale skorsing is 'n strafmaatreël wat die verbod op die bywoning van skoolaktiwiteite insluit. In Graad 12 kan dit die ontneem van deelname aan die Matriekafskeid behels, indien 'n leerder meer as 20 ongeldige afwesighede in 'n jaar het, hulself aan 'n ernstige oortreding skuldig maak, of volgehoue wangedrag toon wat nie na 'n skriftelike waarskuwing gestaak is nie.

## 16 REHABILITASIE EN INTERVENSIEPROGRAMME VIR LEERDERS

16.1 Die skool aanvaar dat daar 'n verantwoordelikheid rus op die Skoolhoof en/of sy gematigdes om te poog om leerders te rehabiliteer wat skuldig is aan ernstige wangedrag soos rassistiese gedrag, seksuele teistering, substansie misbruik, rook, aanranding, boeliegedrag, immorele dade, kuberboelie laster van ander, diefstal en ander optredes wat ander se menswaardigheid aantas. Sulke rehabilitasie en intervensieprogramme vir leerders sal na oorlegpleging met ouers, die BL en die Distriksdirekteur en ander professionele agentskappe aangebied word.

16.2 Die verantwoordelikheid vir rehabilitasie is egter beperk tot die voorwaardes van die toepaslike wetgewing en die behoefte om die meerderheid van die leerders in die skool te beskerm.

16.3 Weiering van leerders om aan sulke programme deel te neem kan lei tot verdere dissiplinêre stappe en -verhore wat kan lei tot 'n aanbeveling van finale uitsetting uit die skool by die DH

## 17 PROSEDURE

Die Handel-en-Wandelstelsel (wat bestaan uit krediete en debiete) word gebruik om leerders tot verantwoordelike besluitneming te lei en om selfdissipline by leerders in te skerp.

17.1 Die skool wil graag krediete gee aan leerders wat daardie ekstra myl loop en meer doen as wat van hulle verwag word. Ons moet ook, wanneer 'n leerder nie sy kant bring nie, ouers in kennis stel om 'n herhaling daarvan te voorkom.

17.2 Die verslaghouding gee deur middel van 'n gewigswaarde (punte) wat aan 'n krediet of debiet toegeken word, vir die ouer, 'n aanduiding van hoe hoog/ernstig die prestasie/oortreding geag word.

17.3 Hierdie gewigswaarde (punt) het geen invloed op 'n leerder se akademiese punte nie en kan nie bygetel of afgetrek word van 'n punt wat behaal is in toetse of eksamens nie. Die debiet- of kredietpunte kan mekaar uitkanselleer t.o.v. verpligte studieklasse tydens eksamens. Vir korrektiewe klasse word slegs die debiete in berekening gebring.

17.4 Die reglement maak voorsiening vir meriete, kleure en erekleure in "betrokkenheid" op grond van krediete verwerf teenoor debietpunte op 'n glyskaal.

17.5 Hierdie stelsel is gerekenariseer en dit vergemaklik dus die skryf van getuigskrifte, aangesien alle positiewe bydraes ook aangeteken word. Op die E3 word voorsiening gemaak vir appèl ná die ondertekening daarvan.

17.6 Alle debietpunte word deur die leerders onderteken op vorm E3, waarmee hy/sy erken dat dit korrek is. 'n Kort omskrywing van die rede vir die debiete word aangeteken.

17.7 Ouers sal elke kwartaal 'n verslag ontvang, sodat waar nodig, die ouerhuis saam met die skool kan werk aan die verbetering van die leerder se gedrag.

17.8 **Handel- en -wandel kredietstelsel**
**Volgehoue Seisoenale Deelname**

a) 150 krediete, wat verbeur sal word in geval van ongemotiveerde staking van die aktiwiteit ter enige tyd gedurende die seisoen.
b) Vyfhonderd krediete per aktiwiteit: Maksimum krediete per aktiwiteit per jaar.
c) Seshonderd krediete per aktiwiteit: Maksimum krediete per jaar vir deelname in spanne wat deurdring na provinsiale en nasionale eindrondtes. Ook vir individue wat deelneem aan nasionale eindrondtes.
d) Aktiwiteite Ter Sprake:

| | | |
|---|---|---|
| 1 Toneel | 11 Atletiek | 21 Trompoppies |
| 2 Redenaars | 12 Rugby | 22 Sagtebal |
| 3 Ensemble | 13 Netbal | 23 Skyfskiet |
| 4 Orators | 14 Krieket | 24 Perdesport |
| 5 Produksie | 15 Hokkie | 25 Swem |
| 6 Sanggroep | 16 Tennis | 26 Sêrrie |
| 7 Noodhulp / Klankspan | 17 Landloop | 27 Fotografie – EldoKlieks |
| 8 Koor | 18 Muurbal | 28 7's rugby |
| 9 Eldo-In-Druk / Redaksie | 19 Gholf | 29 Fietsry |
| 10 Liefde Leef | 20 Skaak | 30 E-sport |
| | | 31 Boogskiet |

| AKTIWITEIT | PUNTE |
|---|---|
| Afwesig van oefeninge – word afgetrek van seisoenale punt | -20 |
| Bakleiery, aanhits daar van, verfilming daarvan, verspreiding daarvan en teenwoordig wees | -200 |
| Benadeel skool se beeld (binne of buite skoolterrein) ook sporttoere | -80 |
| Boelie aktiwiteit: Verbaal, skriftelik, elektronies en/of fisies | -200 |
| Beskadig skooleiendom en/of eiendom van leerders/personeel | -200 |
| Eet/drink in klas | -15 |
| Fisiese kontak (versuim om nodige afstand te handhaaf, gesoen en onvanpaste omhelsing) | -30 |
| Fisiese kontak (seksueel onwelvoeglike gedrag) | -200 |
| Fisiese intimidasie en/of aanranding | -200 |
| Gedragsprobleme – spesifiseer | -50 |
| Gedragsprobleme – vierkant | -50 |
| Gevaarlike speletjies en instrumente | -100 |
| Gooi van voorwerp na `n person | -60 |
| Graffiti op skooleiendom | -100 |
| Graffiti op tasse (slegs naam en van) | -30 |
| Handboek/skrif vergeet/notas nie ingeplak | -30 |
| Handboeke of skrifte nie netjies oorgetrek | -30 |
| Huiswerk afgeskryf | -60 |
| Huiswerk nie gedoen nie / Huiswerk by huis vergeet / onvolledig | -20 |
| Huiswerk: toetse / skeurstrokies nie geteken | -10 |
| Huiswerk: Portefeulje nie ingehandig | -40 |
| Ignoreer opdrag (spesifiseer) | -50 |
| Kragnetwerk sabotasie/peuter | -150 |
| Laat vir klas | -20 |

| | |
|---|---|
| Laat vir klas na 10 minute (Dit sluit korrektiewe klas in) | -40 |
| Laat vir skool | -20 |
| Let nie op in klas nie | -10 |
| Leuens/oneerlikheid | -100 |
| Minagtende gedrag | -100 |
| Nalatige optrede | -100 |
| Ongemagtigde gebruik van elektroniese toestelle en selfone | -100 |
| Ongemagtigde selfoonopname van opvoeder, ook foto en/of misbruik van selfone en/of elektroniese toestelle om personeel of leerders in slegte lig te plaas, af te pers, te boelie of te teister | -400 |
| Ontwrig klas | -80 |
| Ongevraagde fisiese kontak of toenadering | -200 |
| Pornografiese tekeninge en/of besit, plasing, verspreiding, toon, besigtiging van sodanige material | -400 |
| Prakties onvoorbereid | -60 |
| Rassistiese optrede verbaal of andersins | -200 |
| Rekenaar: speletjies in sentrums | -60 |
| Rekenaar: ontwrigting van network | -200 |
| Rommelstrooi | -20 |
| Rook en/of vape, self en/of teenwoordig (sien beleid onder Rook)<br>• 1e oortreding<br>• 2e oortreding<br>• 3e oortreding | <br>-200<br>-400<br>-800 |
| Span in die steek gelaat | -40 |
| Skriftelike waarskuwing | -100 |
| Skriftelike waarskuwing (2e) | -150 |
| Skriftelike waarskuwing (3e) | -300 |
| Finale skriftelike waarskuwing | -600 |
| Versuim: Korrektiewe klas nie bygwoon | -200 |
| Stokkiesdraai: hele dag | -200 |
| Stokkiesdraai: 2 periodes | -100 |
| Stokkiesdraai: 1 periode | -80 |
| Taalgebruik: Onwelvoeglik | -80 |
| Verwydering van staatseiendom of privaateiendom uit lokaal | -50 |
| Verbode terrein betree | -30 |
| Verlaat klas onwettig | -40 |
| Verlaat terrein onwettig (nie-nakoming van uittekenprosedure) | -80 |
| Vernederende seksuele opmerking of toenadering/onvanpaste gedrag | -200 |
| Versuim – spesifiseer | -20 |
| Versuim: VLR (E21) | -50 |
| Vervalsing: Handtekening – sonder benadeling van skool | -100 |
| Voorkoms: Skoolreëls | -30 |
| Voorkoms: Slordig | -20 |
| Wegsteek van privaat eiendom | -60 |

**KREDIETE:**

| AKTIWITEIT | PUNTE |
|---|---|
| Bywoning spesiale skoolfunksies soos vooraf gekommunikeer | +60 |
| Bywoning van algemene skoolfunksies en byeenkomste | +20 |
| Kultuurdeelname per optrede per dag (kan nie +150 punte vir `n spesifieke kultuuritem/-kompetisie oorskryf nie) | +40 |
| Volgehoue seisoenale sport – en kultuurdeelname | +150 |
| Sportdeelname per dag | +20 |
| Etiese lojaliteit: Skedule 1 en 2 aanmelding | +200 |
| Etiese lojaliteit: Aanmelding van algemene wangedrag | +60 |
| Hulpverlening tydens skoolure | +5 |
| Hulpverlening na skool: 10 krediete per uur | +10 |
| Top twintig per kwartaal | +40 |
| Verbetering van prestasie in vak van 10% of meer na 'n eksamenkwartaal. Punte word per vak toegeken (Keusevakke by Graad 8 en 9 word uitgesluit) | +20 |

| | |
|---|---|
| 100% getroue skoolbesoek per jaar | +100 |
| Akademiese prestasie – gemiddeld bo 80%  per kwartaal | +80 |
| Volgehoue positiewe gedragsrekord – geen negatiewe punte in 'n kwartaal | +60 |
| VLR Diensgeleentheid | +20 |
| Eldo-waardes Krediet: Beloning van 'n leerder wat 'n Eldo-waarde deur sy/haar aksies uitleef | +40 |
| Alle vakke geslaag na Junie/ Eindeksamen: Graad 8 en 9 | +40 |

**18. APPÈL**

'n Leerder wat vertoë wil rig teen die beslissing van 'n opvoeder rakende algemene wangedrag, ten opsigte waarvan ook debiete toegeken word, moet binne 24 uur die voorgeskrewe vorm E 59 wat vir die doel beskikbaar is, by die Handel-en-Wandelkantoor kry. Dié vorm word dadelik voltooi en dieselfde dag ingehandig by die Handel-en-Wandel kantoor wat repliek van die opvoeder sal bekom. Die Dissipline Hoof se beslissing is finaal en kan slegs deur die Hoof hersien word. Indien die leerder se vertoë egter gerig is teen 'n beslissing wat deur 'n Graadhoof of Adjunkhoof gemaak is, moet die vertoë onderskeidelik deur die Adjunkhoof of die Hoof, al na gelang van die geval, hersien word. Indien die leerder se vertoë gehandhaaf word, word die aangeleentheid as afgehandel beskou en word debiete wat toegeken is, as gekanselleer beskou. Vir doeleindes van vermelde vertoë, kan die leerder deur sy ouer of voog ondersteun word.

**19. VERTEENWOORDIGENDE LEERLINGRAAD (VLR)**

19.1 Om verkies te word tot die VLR is 'n voorreg wat gepaardgaan met bepaalde verantwoordelikhede.

19.2 Indien 'n lid van die VLR hul skuldig maak aan ernstige wangedrag, kan hul van die Eldoraad af geskors word na 'n dissiplinêre proses gevolg is.

**20. BEWARING, EN BEKENDSTELLING VAN DIE GEDRAGSKODE**

20.1 Een afskrif van die gedragskode moet te alle tye by die kantoor beskikbaar wees waar dit ter insae aan leerders, opvoeders en ouers beskikbaar gestel kan word.

20.2 Die oorspronklike kopie wat deur die voorsitter onderteken is moet in die kluis bewaar word.

20.3 Die gedragskode word op die skool se webblad gepubliseer en is in 'n verkorte weergawe in alle klasse beskikbaar.

**21 ANDER BELEIDE WAT DEEL VORM VAN DIE GEDRAGSKODE**

Van tyd-tot-tyd sal die Beheerliggaam ander beleide uitvaardig wat deel vorm van die gedragskode.

**22 INTERPRETASIE**

Enige meningsverskil rakende die interpretasie van enige deel van hierdie gedragskode, sal finaal besleg word by wyse van 'n beslissing van twee derdes van die stemgeregtigde lede van die Skoolbeheerliggaam.

**23 WYSIGINGS EN HERSIENINGS**

23.1 Die gedragskode moet ten minste elke jaar hersien word om vir veranderende omstandighede in die skoolopset voorsiening te maak.

23.2 Indien die beheerliggaam enige voorgestelde wysigings het kan dit net geskied met 'n tweederde meerderheid tydens 'n vergadering van die Beheerliggaam

23.3 Kennisgewing van enige wysigings moet ten minste 14 werksdae voor 'n vergadering gegee word aan al die lede van die beheerliggaam.

23.4 Nadat die wysigings goedgekeur is moet kennis van sodanige wysigings aan die opvoeders, personeel en ouers/voogde van leerders en leerder van die skool deurgegee word en die genoemde persone het die reg om appél met skriftelike redes aan die BL verskaf.

23.5 Die Beheerliggaam moet redes aan die persoon wat appél aan teken verskaf, indien dit nie slaag nie.

## 24 VRYSTELLINGSKLOUSULE

‘n Leerder mag vir vrystelling van ‘n gedeelte / gedeeltes van die gedragskode vir welke rede aansoek doen deur die skool skriftelik in kennis te stel en die gepaardgaande aansoekproses te volg.

## 25. KORT TITEL

Die beleid sal bekend staan as die gedragskode van die skool.

## 26. GOEDKEURING

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Aanbeveel deur Hoof: (Naam)** | Mnr. PR Smith | **Handtekening** | |
| **Datum:** | __Oktober 2025 | | |
| **Goedgekeur deur BL Voorsitter (Naam)** | Mnr. F Schutte | **Handtekening:** | |
| **Datum:** | __Oktober 2025 | | |
| **Verifikasie deur GDO: Distrik Direkteur (Naam)** | | **Handtekening :** | |
| **Datum van Verifikasie** | | | |
| **Gesertifiseer deur (Naam)** | | **Handtekening:** | |
| **Datum van sertifisering** | | | |

AMPTELIKE SKOOLSTEMPEL